# DIE EINDTYD

## 'N BYBELSE KYK NA DIE LAASTE DAE

## EN DIE WEDERKOMS

**STEPHAN JOUBERT**

# INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1: WANNEER BREEK DIE EINDE AAN?**

**HOOFSTUK 2: LEES GOD SE WOORD REG, DAN VERSTAAN JY DIE EINDTYD REG!**

**HOOFSTUK 3: WANNEER KOM DIE EINDE? ALLES WAT DIE BYBEL OOR DIE EINDTYD Sê IN ‘N NEUTEDOP**

**HOOFSTUK 4: MATTEUS 24-25: KAN JY DIE TEKENS VAN DIE TYD REG LEES?**

**HOOFSTUK 5: DIE ANTICHRIS: WIE OF WAT IS HY?**

**HOOFSTUK 6: DIE GROOT VERDRUKKING: GAAN ONS AGTERBLY OF GAAN ONS WEG WEES AS DIT BEGIN?**

**HOOFSTUK 7: BY DIE WENPAAL!**

# HOOFSTUK 1: WANNEER BREEK DIE EINDE AAN?

## 1. Ons weet tog wanneer die wederkoms gaan plaasvind!

*a. Wederkoms-bespiegelings is van lankal af gewild*

**“**Wanneer kom die einde?” Vandat hierdie vraag deur Jesus se dissipels gevra is daar kort voor sy kruisiging in Jerusalem, worstel die kerk al met die “probleem” van die wederkoms. Van heel vroeg af is dit vele mense se gunsteling tydverdryf om allerlei datums aan hierdie groot dag te probeer koppel.

“Kyk, die wederkoms is net om die draai; sommer nog in ons eie dag,” het ‘n klomp gelowiges in Tessalonika byvoorbeeld al daar rondom die jaar 50 na Christus vir almal te vertelle gehad. Later het hulle omtrent die hele kerk in hulle stad op sleeptou gehad. Party gelowiges in Tessalonika het selfs ophou werk om die wederkoms in te wag. Toe Paulus hiervan hoor, was hy baie omgekrap. “Nee, dinge werk nie so nie. Gelowiges kan nie ydel rondsit en wag op die einde nie. Elkeen moet voortgaan met sy of haar dagtaak,” was sy raad in die eerste en tweede Tessalonisense briewe.

Maar spekulasie oor die dag en datum van die wederkoms wou hierna maar net nie ophou nie. Oordeels-aankondigers; van daardie soort met die bordjies “Repent, the end is near” om die nek, het orals in die vroeë kerk op die toneel verskyn. Neem maar daardie kêrel **Montanus** in die tweede eeu. Hy en twee vroulike profetesse het luidkeels aangekondig dat die nuwe Jerusalem binnekort in ‘n stad Pepusa in Frigië sou neerdaal. Mense het in groot getalle soontoe gestroom om die wederkoms in te wag. Tevergeefs.

*b. Hoe later, hoe kwater*

Beweeg ons so ‘n entjie later in die kerkgeskiedenis in, so rondom die 1340’s toe Italië ‘n reuse griep-epidemie (die sogenaamde “Swart Dood”) beleef het wat derduisende mense se lewe geëis het, het baie doemprofete aangekondig dat die einde op hande is. ‘n Ernstige aardbewings in Italië het hulle vermoedens nog verder bevestig. Dit was vir hulle niks minder nie as die vervulling van Jesus se profetiese woorde oor die einde.

In Turingië (in die huidige sentraal-Duitsland) kondig ‘n man met die naam **Konrad Schmid** kort hierna aan dat hy sal sorg dat die nuwe era van God aanbreek. Dit was ook nie lank nie of mense het hom begin sien as ‘n nuwe keiser wat die profesieë van Jesaja in vervulling sou laat gaan. In 1368 kondig Schmid dan ook aan dat die oordeelsdag van God die volgende jaar sou volg waarna die duisendjarige vrederyk sou aanbreek.

Dis niks vreemd dat baie van hierdie oordeelsaankondigers hulleself tot Messiaanse figure verklaar het nie. Een van die bekendste, of moet ons liewers sê: berugste, voorbeelde is sekerlik **Johannes van Leiden**. Nadat sy volgelinge in die Duitse stad Münster hom tot Messias verklaar het, het hierdie Johannes die reg in eie hand geneem. Hy het begin om alle geld in die stad vir homself op te eis, en om

diegene wat aan sy gesag ongehoorsaam was voor die voet te laat doodmaak. Terwyl hy die een groot feesmaal na die ander gehou het, het hy sy vyande stelselmatig laat onthoof. Hyself het beweer dat alles, sondes inkluis, geoorloof was vir mense wat dood is vir die vlees. Daarom het hy 'n harem van meer as honderd vroue aangehou. Nodeloos om te sê, Johannes van Leiden se skrikwekkende "messiaanse" bewind is uiteindelik gewelddadig tot 'n einde gebring. Tot vandag toe nog hang afbeeldings van die ysterhokke waarin hy en sy volgelinge teen die groot kerk van Münster opgehang is daar teen die kerk as simboliese herinnering aan sy verskriklike "messiaanse" bewind.

*c. Vra my, ek weet!*

Bespiegelings oor wanneer die wederkoms aanbreek, was regdeur die donker middeleeue, en lank daarna nog, populêr. **Hugh Broughton** (1549-1612) bereken byvoorbeeld die datum van die skepping as die jaar 3926 voor Christus. Hy sê verder dat die wêreldgeskiedenis 6000 jaar lank sou duur. Volgens hom sal die wederkoms daarom in die jaar 2072 aanbreek. Nodeloos om te sê, was die mense nie beïndruk met hom nie omdat hy hierdie datum te ver in die toekoms ingeskuif het.

Die bekende Skotse skrywer en uitvinder van wiskundige logaritmes, **John Napier** (1550-1617), het op sy beurt probeer om die gebeure in Openbaring "wiskundig" aan sekere datums in die wêreldgeskiedenis te koppel. Om sin te probeer maak van Openbaring, neem hy Daniël se profesie van die sewentig jaar-weke in Daniël 9 as 'n letterlike tydperk van 490 jaar. Hierdie tydperk verdeel hy dan in die helfte. Op grond hiervan werk Napier uit dat daar elke sowat 245 jaar in die geskiedenis een of ander belangrike wêreldmag op die toneel verskyn of tot 'n val sal kom. Aan die hand van sy vindingryke skema poog Napier vervolgens om die sewe trompette en die sewe oordeelsbakke waarvan Openbaring praat aan sekere wêreldryke deur die loop van die geskiedenis te koppel. Volgens sy berekenings sou die laaste trompet in die jaar 1541 met die Reformasie begin blaas en tot in 1786 duur. Die finale stryd tussen Christus en die antichris sou in die jaar 1639 begin. Christus self sou in 1688 terugkeer na die aarde toe, waarna Hy tot en met 1786 al die uitverkorenes sou insamel.

Napier se geskrif het 'n geweldige invloed op mense in Europa uitgeoefen. Bo en behalwe die feit dat dit drie maal herdruk is, is dit ook in Duits, Frans en Nederlands vertaal en later in 'n verkorte weergawe as "The bloody almanack" (1643 en 1647) gepubliseer.

Die bekende Engelse prediker, **Thomas Brightmann** (1557-1609), publiseer op sy beurt 'n opspraakwekkende boek "Revelation of the Revelation." Hierin probeer hy die sewe oordeelsbakke van Openbaring met sekere gebeure in die wêreld van sy dag in verband te bring. Die eeste bak waarna Openbaring verwys, word volgens hom in 1563 uitgegiet met koningin Elisabet se afsetting van alle Rooms-Katolieke priesters. Die tweede bak word in 1564 uitgegiet wanneer die Roomse konsilie van Trent alle nie-uitverkorenes tot vervloektes verklaar. In 1581 volg die derde wraakbak wanneer die Britse parlement 'n wet goedkeur wat gemik is teen die aanhangers van die pous. Volgens Brightmann het hyself in die tyd van die vierde

wraakbak geleef terwyl almal gewag het op God se oordeel oor die mens van goddeloosheid. Die vyfde wraakbak sou volgens hom teen 1650 uitgegiet word wanneer die pous finaal tot 'n val kom. Kort daarna sou die sesde bak uitgegiet word wanneer die Jode in groot massas tot bekering begin kom. Dit sou gevolg word deur die sewende wraakbak, rondom 1695, wanneer die slag van Armageddon sou aanbreek wat die einde van die wêreld inlei.

Een van die Duitse vaders van die piëtisme, **Johann Albrecht Bengel** (1687-1752), beweer op sy beurt dat die begin van die heerskappy van Babilon in 1810 sal aanbreek, terwyl die dier waarvan Openbaring 13 praat in die jaar 1832 sy opwagting sal maak. Op 18 Junie 1836 sou die duisendjarige vrederyk dan volgens hom aanbreek. Die bekende sir **Isaac Newton** (1642-1727) is weer van mening dat die jaar 1715, en later die jaar 1766, die begin van die einde hier op aarde sou aandui.

In Amerika bereken 'n bekende prediker, **William Miller**, in die 1830's dat die 2300 dae tussen die ontheiliging en reiniging van die heiligdom waarvan daar in Daniël 8:14 sprake is, letterlik as 2300 jaar opgeneem moet word. Op grond hiervan bereken hy dan aanvanklik dat die wederkoms in die jaar 1843 sou plaasvind. Meer spesifiek: hy identifiseer hierdie groot dag as 21 Maart 1843. Later verander hy sy berekening tot 22 Oktober 1844. Millar se teleurstelling as dit uiteindelik nie realiseer nie, maak dat hy sy spekulasie met die datum van die wederkoms hierna laat vaar.

*d. Nog niks het vandag verander nie*

Nader aan ons eie tyd wemel dit nog steeds van bespiegelings oor die datum van die wederkoms. Vrae soos wie die antichris is; wanneer die eindtyd gaan aanbreek; wanneer die wegraping plaasvind, ensovoorts, is vandag hoog op die agenda in vele kerklike kringe. 'n Bekende Amerikaanse prediker voorspel byvoorbeeld in die laat 1960's dat die kommunistiese vlag in 1976 in Amerika sou wapper en dat daar nog net 'n paar jaar hier op aarde oor is. Op haar beurt voorspel 'n bekende Amerikaanse skryfster in die vroeë sewentigerjare dat Anwar Saddat, die nou reeds vermoorde Egiptiese president, die langverwagte antichris is. Sy meld ook dat sy nie verbaas sal wees indien alles hier op aarde teen die jaar 1988 oor en verby sou wees nie. Intussen moet gelowiges solank begin om al hulle geld uit die banke te onttrek en in hul huise op te gaar voordat die bose magte daarop beslag sou lê.

**Edgar Whisenant** skryf in 1988 'n kort boekie getiteld "88 Reasons why the rapture will be in 1988." Hierin stel hy dit onomwonde dat die wegraping van alle ware Christene in die jaar 1988 sal plaasvind. Maar die groot ghoeroe van eindtyd-boeke is sekerlik die Amerikaner, **Hal Lindsey**, wat veral met sy boek, "The late great planet earth" (1970), wêreldwye bekendheid verwerf het. Lindsey gaan van die veronderstelling uit dat die Bybel 'n boek vol profesieë is wat vandag eers voor ons oë in vervulling gaan. Mens moet maar net rondom jou kyk om te sien hoe dit wat eeue gelede geskryf is, vandag bewaarheid word.

Sake wat deesdae in bykans elke nuwe boek oor die eindtyd en die wederkoms op die tafel is, word deur Lindsey in sy geskrifte aangeroer, soos die plek van Israel in God se raadsplan; die herbou van die tempel; die rol van Rusland as die Gog van

Esegiël 38, en die identiteit van die antichris. Volgens Lindsey is die antichris alreeds iewers in Europa woonagtig. Terwyl hy nog op sy oomblik van glorie wag, sal ‘n wêreldwye bekering van Jode plaasvind. Hierna sal die Russe, die sogenaamde rooi perd van Openbaring 5, Israel binneval wat die uitbreek van die derde wêreldoorlog sal inlei. Nadat Rusland die midde-Ooste beset het, sal magte uit die noorde (Europa) en die Ooste (Sjina) volgens Lindsey se verstaan van Daniël 11:44 teen Rusland optrek. Rusland self word kort hierna die slagoffer van kernwapenaanvalle - altans, volgens Lindsey se interpretasie van Eesegiël 38:18-22 en 39:3-5. Nadat Rusland dan deur die Sjinese leër verslaan is, rig laasgenoemde hulle teen Palestina wat die laaste stryd, Armageddon, op aarde inlei. Hierdie stryd loop eventueel uit op die aanbreek van die duisendjarige vrederyk.

## 2. Alles in die Bybel is net vir ons geslag bedoel

*a. Die tekens van die tyd praat dan van ons!*

Enige welmenende Christen wat vandag deur die stortvloed van boeke oor die laaste dae in Christelike boekwinkels kyk, of wat dalk self ‘n paar boeke oor hierdie tema tuis het, kan nie anders as om verstom te staan oor al die vindingryke opinies wat deesdae die rondte doen nie. Die een verstommende toepassing van Bybelse gegewens op die wêreld van ons dag na die ander vul die bladsye van vele van hierdie boeke.

Een goue draad wat deur die meeste boeke oor die eindtyd loop, is die stelling dat die Bybel se profesieë uitsluitlik vir ons geslag bedoel is. Alles wat op die bladsye van die Bybel geskryf staan, gaan met ander woorde in ons dag in vervulling. In sy boek: “Beginning of the end: The assasination of Yitzhak Rabin and the coming antichrist” (1996) skryf **John Hagee** dat ons deel uitmaak van die laaste geslag hier op aarde, van die sogenaamde “terminal generation.” Hoe weet ons dit? Baie maklik sê hy. Kyk maar net na die tekens van die tyd in ons dag:

1. In ons dag beleef die mensdom ‘n *kennis ontploffing* soos nog nooit tevore in die geskiedenis nie. Maar hierdie kennis bring mense nie terug na God toe nie. Dit is ‘n sondige soeke na kennis wat volgens Hagee die vervulling van Daniël 12:4 is.

2. *Plae en epidemies* teister die Midde-Ooste en die res van die wêreld. Die profesie van Sagaria 14:12-15 verwys volgens Hagee juis na siektes soos die gevreesde ebola-virus wat in ons dag begin kop uitsteek. Ander hedendaagse gevare wat volgens hom alreeds in die Bybel voorspel is, is die aanwesigheid van kernwapens in die Midde-Ooste.

3. Die *stigting van die staat van Israel* op 15 Mei 1948. Hierdie gebeurtenis is volgens Hagee die vervulling van profesieë soos Jesaja 66:8-10. Hy gaan dan verder deur Jesus se woorde oor die vyeboom wat aan die bot is (Matt. 24:32-34) met die huidige staat van Israel in verband te bring. Op grond van Jesus se uitspraak dat “hierdie geslag nie sal sterf voordat al hierdie dinge gebeur het nie”, kom hy tot die gevolgtrekking dat die mense wat die hergeboorte van die staat van Israel beleef het

(soos wat ons skynbaar sedert 1948 beleef) deel is van die terminale geslag, die laaste groep mense, hier op aarde.

4. *Die terugkeer van Jode na Israel*. Volgens Hagee is die terugkeer van vele Jode na die staat van Israel die vervulling van die profesie van Jeremia 23:7-8.

5. Israel sal nie gedurende die laaste dae hier op aarde onder *heidense regering* staan nie. Die bewys vir hierdie stelling vind Hagee in Lukas 21:25 en Psalm 102:16.

6. *Direkte, wêreldwye kommunikasie*. Volgens Hagee kan Openbaring 11 (waar daar sprake is van die Here se twee getuies wie se dooie liggame vir drie en 'n half dae deur die hele wêreld gesien word) net in ons dag bewaarheid word. Moderne kommunikasie instrumente soos sateliet-skottels, internet en CNN televisie het tot 'n paar jaar gelede nog nie bestaan nie. Dus kon Johannes se woorde nie voor vandag bewaarheid word nie. (Ongelukkig het Hagee in sy interpretasie van Openbaring heeltemal van Afrika vergeet, waar tegnologiese wonders soos sateliet-skottels net in die hande van 'n klein groepie ryk mense is! So, dalk moet ons ophou sendingwerk doen en eerder sorg dat elkeen in Afrika toegang tot vandag se moderne kommunikasiemiddels het. Dan kan die wederkoms mos gouer aanbreek- dit is nou te sê as Hagee reg is!)

7. *Bedrieglike leringe* soos Satanisme dui ook aan dat die einde op hande is.

8. *Hongersnood en epidemies* soos VIGS en Ebola is volgens Hagee deel van God se trompette om ons te waarsku dat ons deel van die laaste geslag hier op aarde is.

9. *Aardbewings* is ook aan die toeneem. Volgens Hagee dui statistiek daarop dat aardbewings van sowat 115 in die 15de eeu tot 2588 in 1983 tot by die 4084 in 1992 toegeneem het. Hierdie toenemende geskommel onder die aarde is ook 'n teken dat ons in die pylvak is.

Met die draai van die eeu voor die deur het spekulasie oor die eindtyd in Christelike kringe 'n hoogtepunt bereik. Dit is asof daar iets magies aan die syfers van die jaar 2000 kleef. Oral vertel predikers en skrywers dat dit die tyd is waarop die kerk reeds vir die afgelope tweeduisend jaar wag. Selfs die befaamde Amerikaanse TV-evangelis en kandidaat vir die Amerikaanse presidentsverkiesing in 1988, **Pat Robertson**, skryf in sy novelle "The end of the age" (1995) dat die aanvang van die een en twintigste eeu die brandpunt van al God se aktiwiteite is. Al sy oordele, soos meteore wat die aarde tref, vloedgolwe, aardbewings, vulkane, massale hongersnood, dui dat die einde aan die begin van die eeuwenteling gaan plaasvind. "It's like Jesus had a telescope - one that could see through time and space- and that He trained it on the Pacific Ocean at the start of the twenty-first century" (p. 192) skryf Robertson oor die laaste gebeure wat die slag van Armaggedon sal inlei.

*b. Elkeen kry 'n kans: van die kommuniste af tot by die kredietkaart*

Jesus se leringe wat vervat is in gedeeltes soos Matteus 24 en Markus 13 oor die eindtyd, asook uitsprake in die boeke Esegiël en Daniël, bied vandag stof vir vele

"profete" oor die eindtyd. Veral die uitsprake van Esegiël teen die Gog en Magog in hoofstuk 38-39 van sy boek word voor die voet aan moderne Rusland gekoppel. **Ray Yerbury** sê byvoorbeeld in sy boek "Vital signs of Christ's return" (1995) dat Esegiël hier na die derde wêreldoorlog verwys met Rusland as die groot mag wat teen Israel sal optrek. Yerbury gaan selfs so ver om uit Esegiël af te lei op watter wyse Rusland hierdie aanval sal loods. Esegiël se verwysing na die vyandelike leër wat Israel soos 'n wolk sal oordek, dui volgens hom op Russiese lugaanvalle, terwyl die verwysing in Esegiël 38:4 na 'n leër met swaarde en skilde weer 'n verwysing sou wees na die moderne gemeganiseerde aanvalsmagte van die Russiese weermag .

Yerbury meen selfs dat hy 'n naam aan die hoof van die weermag van hierdie Gog, oftewel moderne Rusland, kan koppel wat verantwoordelik sal wees vir die derde wêreldoorlog. Sy naam? Vladimir Volfovitch Zhirinovsky. Hierdie man, wat volgens homself reeds teen 1996 die nuwe president van Rusland sou wees (wat toe nie waar geword het nie!) is volgens Yerbury 'n geswore Jode-hater, fanatiese militaris, en 'n ultra-nasionalis wat die grondgebied van Rusland weer wil uitbrei. Zhirinovsky sal blykbaar met die hulp van lande soos Duitsland (sic!) Iran, Soedan en Libië binnekort vir Israel binneval.

Bo en behalwe die dreigende rol van Rusland, sien ander moderne "profete" ook nog tekens van die naderende einde in gebeure soos die pogings in Israel om die tempel weer te herbou, die opkoms van 'n nuwe wêreldorde, Saddam Hoessein se dreigende optrede teen Israel, New Age leringe, die pous en die Rooms-Katolieke Kerk, en wat nog alles. **Edgar James**, sien in sy boek "Armageddon and the new world order" (1991) onder andere 'n groot bedreiging in die Europese Gemeenskapsmark. Hierdie magtige blok van nasies waarna volgens hom in Daniël 2:42 en 7:26 verwys word, kan geweldige politiese, ekonomiese en militêre beheer oor die res van die wêreld uitoefen en 'n groot rol in die ontplooiing van antichristelike magte speel.

Baie hoog op die gewildheidsleer van slegte dinge wat volgens vele skrywers en predikers die naderende wêreldeinde aandui, is die nuwe bedreiging wat die beoogde implanting van rekenaarskyfies in mense, en die gebruikmaking van elektroniese betaalmiddels, inhou. Hierdie droom van 'n geldlose samelewing is volgens **Peter Lalonde**, "One world order under anti-christ" (1991) niks minder nie as die vervulling van die woorde van Openbaring 13:9-11 waar daar sprake is van die merk van die dier wat op mense se regterhand en voorkop aangebring word.

Helaas hou Lalonde en ander doemprofete weer eens nie rekening met die arm derde wêreldlande waar dings soos elektroniese betaalmiddels net 'n droom is. As hierdie mense wat so 'n verskriklike bedreiging in die moderne tegnologie sien reg is, dan beteken dit dat groot dele van Afrika, Suid-Amerika en Asië al die ellende wat met die opkoms van die antichris gepaard gaan, uitgespaar gaan word. Dan is dit mos beter dat ons geen verdere tegnologiese ontwikkelings hier in Suid Afrika en in die res van Afrika aanmoedig nie, of hoe? Terug na die bosse toe, dit kan dalk ons redding wees- dit wil sê, as die klomp eerste wêreldse uitleggers van die Bybel en die eindtyd korrek is!

*c. Ken jy al die antichris se ware identiteit?*

Openbaring 13 se woorde oor die dier wat mense op hul voorkoppe en regterhand merk met die gewraakte 666 kode, het deur die eeue heen vrees in mense se harte ingeboesem. Wie kan dit wees?

In sy goeie uiteensetting van die eindtyd verwys **Ed Hinson**, "End times, the Middle East and the New World Order" (1991), na 'n klompie figure wat al deur die loop van die geskiedenis as die antichris geïdentifiseer is. Kom ons noem 'n paar:

1. *Keiser Wilhelm van Duitsland*. Hy het aan die hoof van die Duitse magte gestaan wat tydens die eerste wêreldoorlog gepoog het om die ou Romeinse Ryk weer op die been te kry. Van hierdie keiser en sy Duitse leër het die beroemde prediker Billy Sunday selfs gesê: "If you turn hell upside down, you'll find 'made in Germany' stamped on the bottom."

2. *Benito Mussolini*. Hierdie aanvoerder van die Italiaanse magte in die tweede wêreldoorlog, wat ten doel gehad het om die Romeinse Ryk weer te laat herleef, is deur vele as die antichris gesien.

3. *Adolf Hitler*. Hoe anders? Hierdie man was immers die oorsaak was van die dood van miljoene mense tydens die tweede wêreldoorlog.

'n Hele reeks ander politieke figure wat ook al as die antichris uitgewys is, sluit in Josef Stahlin, John F. Kennedy, Henry Kissinger en Saddam Hoessein. In Suid Afrika het verskeie staatsfigure ook al op hulle dag hierdie twyfelagtige eer te beurt geval. Die jongste internasionale figuur waarvan ek bewus is wat as die antichris uitgewys word, is die rekenaar magnaat en een van die rykste persone ter wêreld, Bill Gates. Een of ander tuisblad op die internet doen deesdae groot moeite om aan te toon dat sy naam in rekenaartaal presies uitwerk op die getal 666.

### 3. 'n Babelse verwarring oor die eindtyd onder gelowiges?

As mens sommige van die boeke oor die eindtyd lees wat vandag beskikbaar is en hoor wat vele gelowiges daaroor sê, dan maak dit jou kop skoon deurmekaar. Wat is reg? Hoe weet jy wie om te glo, en wie nie? Daar is vandag soveel stemme, soveel verskillende opinies oor dinge soos die wederkoms en die eindtyd in die kerk dat mens nie die gemiddelde gelowige kan kwalik neem as hy of sy in die war is nie.

Wat staan gelowiges te doen wat op soek is na die waarheid, na God se waarheid? Wel, daar is eintlik maar net een oplossing: **TERUG NA DIE BYBEL TOE!** Maar dan moet die Bybel reg gelees word. Dit is nie aanvaarbaar om 'n klompie tekste in die Bybel na willekeur aan mekaar te ryg en dan te sê: "So sê die Bybel" nie. Nee, die Bybel moet reg gebruik word. Ons moet leer om te luister na die Bybel se eie stem en nie ons eie interpretasies daaraan heg nie. Daarom moet ons riglyne hê om ons te help in ons soeke na wat die Bybel oor die eindtyd sê. Hiermee hou ons ons in hoofstuk 2 besig.

## HOOFSTUK 2: LEES GOD SE WOORD REG, DAN VERSTAAN JY DIE EINDTYD REG!

Moenie hierdie kort hoofstuk oorslaan nie. Groot asseblief nie. Want hier tref jy 'n paar lewensbelangrike beginsels aan wat jy nodig het om die Bybel reg te verstaan wanneer daar oor die eindtyd gepraat word.

### 1. ONS LEES DIE BYBEL OOR DIE SKOUERS VAN DIE OORSPRONKLIKE LESERS

Al is die Bybel ook vir ons bedoel, is dit nie uitsluitlik op ons gerig nie. Nee, die Bybel is in die eerste plek vir mense geskryf wat tussen tweeduisend tot drieduisend jaar gelede geleef het. Hulle het nie net ander tale as ons gepraat nie, maar hulle het ook heeltemal ander gebruike, gewoontes en instellings as ons gehad.

Dink maar net watter chaos daar vandag in sommige kerklike kringe heers rondom die uitleg van 'n boek soos Openbaring omdat baie mense vergeet dat hierdie boek in 'n sekere styl geskryf is wat vereis dat jy nie die beelde wat Johannes gebruik letterlik moet opneem nie. Byvoorbeeld, wanneer hy in Openbaring 7 en 14 van 144 000 uitverkorenes praat, bedoel hy dit nie letterlik, soos wat die Jehova getuies meen nie. Hy het ook nie letterlik 144000 Joodse sendelinge in gedagte wat in die eindtyd gaan optree en wat 'n wêreldwye Joodse bekering gaan bewerkstellig, soos wat vele uitleggers vandag meen nie. Nee, Johannes sluit aan by die populêre gebruik in baie Joodse godsdienstige kringe van sy dag om *simboliese taal* of beeldspraak te gebruik wat aan die heel eerste lesers goed bekend was.

Johannes maak byvoorbeeld doelbewus van die getal 12 gebruik. Meer spesifiek: hy doen so 'n bietjie wiskunde. 12 maal 12 (as verwysing na die Ou-Testamentiese twaalf stamme plus die twaalf apostels van die Nuwe Testament), maal 1000 (as 'n getal wat altyd vir Johannes volheid aandui) word deur hom gebruik om aan te toon dat AL die gelowiges deur God beskerm word tot op die heel laaste dag. Johannes wil dus in simboliese taal vir ons sê dat God elke gelowige wat aan Hom behoort, sal red. Niemand sal oorgeslaan word nie. Net om te wys dat hyself deeglik bewus is dat hy hierdie 144000 gelowiges simbolies gebruik, skryf Johannes in elk geval in Openb. 7:9 dat hierdie 144000 gelowiges in werklikheid 'n ontelbaar grote skare is.

Voordat ons die Bybel op ons eie situasies toepas, moet ons deeglik seker maak dat ons verstaan wat God vir die eerste lesers wou sê. As ons nie bereid is om dit te doen nie, forseer ons die Bybel om agter ons aan te praat. En dan laat ons God se Woord dinge sê wat dit nooit wou sê nie. Dan kan ons die Bybel maar net sowel in formalien sit. Maar nog meer, dan buig ons nie meer voor die gesag van die Woord nie. Want dan word die Bybel ingespan om aan ons eie sienings gesag te gee.

### 2. GOD PRAAT NIE IN DIE BYBEL IN ENKELSINNE NIE, MAAR IN PARAGRAWE, HOOFSTUKKE, BOEKE, EN IN TWEE TESTAMENTE

Nie een van ons praat ooit in enkel frases met mekaar nie; behalwe miskien in party huwelike waar mans en vrouens mekaar doodswyg. Nee, ons praat gewoonlik in paragrawe. Ons het tyd nodig om te kommunikeer. Wanneer vriende bymekaar kom, sit hulle gewoonlik ure aaneen en praat. Met God is dit nie anders nie. Hy praat nie hier en daar in ‘n paar kort sinnetjies met ons nie. Nee, Hy praat in paragrawe, hoofstukke, boeke, en uiteindelik in die Ou en Nuwe Testament. In kort: God praat lank. Daarom moet ons van ons kant af sorg dat ons alles hoor wat Hy te sê het, ook oor die eindtyd. Soos wat Hy dit bedoel het. Die slegste ding wat ons kan doen, is om God verkeerd aan te haal, of om Hom uit konteks aan te haal. Net so min as wat onsself daarvan hou as iemand anders dit met ons doen, hou Hy daarvan.

**Die Bybel is in die eerste plek ‘n boek oor God se groot oorwinningsverhaal**. Dit vertel wat Hy alles gedoen het, tans doen, en nog gaan doen om ons te red. En hierdie verhaal is maklik verstaanbaar; ten minste as jy bogenoemde riglyne ernstig opneem. Daar is regtig nie allerlei geheime kodes in die Bybel verpak soos wat baie mense deesdae glo nie. Veral na   se boek oor allerlei geheime kodes wat glo in die Bybel versteek is nie. Want ons God praat nooit in raaisels nie. Hy versteek regtig nie allerhande betekenisse tussen sy woorde in die Bybel sodat mense lukraak ‘n klompie woorde daaruit kan kies en skielik allerhande geheime boodskappe daarin ontdek nie. Nee, God praat in mensetaal met ons, in dieselfde soort taal as wat jy en ek elke dag praat. En net so min as wat jy en ek allerlei geheime of sinistêre betekenisse in, sê nou maar elke vyfde woord versteek wat ons sê, net so min doen God dit. Hy praat reguit met ons, sonder om doekies om te draai. Ons moet maar net ons ore oopmaak en luister wat Hy sê. Hoe tragies dat mense dit nie vandag doen nie, maar aan die ander kant in hul honderdduisende skielik ‘n boek koop wat sê daar’s geheime kodes in die Bybel versteek.

## 3. BYBELSE MENSE DINK BAIE ANDERS OOR DIE TYD AS ONS

### a. Westerse mense leef vir die dag van môre

Baie van die misverstande rondom die eindtyd onder gelowiges word veroorsaak deur ‘n gebrek aan insig oor hoe mense in die Bybelse wêreld oor TYD gedink het. Die Bybelse mense was immers deel van die Mediterreense wêreld waar heeltemal ander tydsbeskouinge gegeld het as in ons moderne Westerse wêreld. Hulle “horlosies” het baie anders as ons s’n gewerk. In ‘n neutedop gesê: vir Bybelse mense was die *verlede* baie belangriker as die toekoms. Om ‘n beeld te gebruik uit die boek van Van der Watt; Joubert en Malina, “Vensters wat die Woord laat oopgaan:” hierdie mense het met hulle rug op die toekoms gekeer gestaan en met hulle gesig na die verlede toe gekyk. En so al kykend na die verlede het hulle as’t ware agteruit die toekoms binne gestap.

Ons as Westerlinge, daarenteen, kyk die toekoms reguit in die oë en staan gewoonlik met ons rug op die verlede gekeer. Daarom bekommer ons nie te veel

oor wat gister en eergister gebeur het nie. Die geskiedenis is vir die meeste van ons dood en verby. Dit is klaar geleef, afgehandel. Maar die toekoms maak geweldig baie saak: ons gevoelens oor môre en oormôre bepaal of ons vandag gelukkig leef. Kyk maar net hoe gou raak party mense rondom ons mismoedig wat dink daar's nie meer ‘n toekoms in ons land nie. Baie van hulle vat deesdae die pad na ander lande toe waar daar blykbaar nog ‘n toekoms is.

Vir meeste Westerse mense is die hede, die hier en nou, slegs ‘n punt op die pad na môre toe. Alles wat ons vandag doen en sê, moet help om môre beter te maak. Die sin van die lewe lê vir meeste van ons in die toekoms: in volgende jaar as die ekonomie dalk beter word; as die misdaadsyfer afgeneem het; as my gesondheid eendag weer beter is; as ek afgetree het; as my polisse die dag uitbetaal; en noem maar op.

Vir ons Westerse mense wat so sterk beïnvloed word deur ons gevoelens en menings oor die dag van môre, is die wederkoms ‘n belangrike tema. Veral die vraag: “wanneer kom die Here terug?” hou baie van ons besig. As ons die antwoord hierop het, soos wat baie skrywers oor hierdie onderwerp beweer hulle het, dan weet ons immers hoe om oor die toekoms te voel. Maar, soos wat ons vorentoe nog sal sien, is dit nie reg om met ‘n Westerse bril na die Bybelse uitsprake oor die eindtyd te kyk nie. Ons soort denke oor die toekoms maak dat ons nie aldag mooi hoor wat die Bybel oor hierdie belangrike saak wil sê nie. Die enigste oplossing vir hierdie probleem is om eers goed te begryp hoe die Bybelse mense oor tyd gedink het, en om dan weer van voor af na Bybelse uitsprake oor die eindtyd te gaan kyk.

### b. Bybelse mense leef met die verlede as gids vir vandag en môre

Bybelse mense was nie te geïnteresseerd in die dag van môre nie. Die verlede was vir hulle baie belangriker. Hulle het vername gebeurtenisse in die verlede gebruik om betekenis aan hulle daaglikse lewe te gee. Dink maar net hoe belangrik die godsdienstige feeste van Israel was, soos Paasfees, waar al wat leef en beef teruggedink het aan God se groot reddingsdade in die verlede. Ook die besnydenis het Israeliete gedurigdeur laat terugkyk na God se verbond met Abraham. Mens kan maar sê Israel se ganse bestaan is bepaal deur God se handelinge deur die loop van die geskiedenis met hulle.

Neem maar net ‘n Psalm soos **Psalm 77**: Hier lees ons hoe omgekrap die psalmskrywer, Asaf, met sy huidige situasie is. Hy bid snags, maar dit voel vir hom of God glad nie meer vir hom omgee nie. Maar dan doen Asaf iets wat Israeliete in sy dag dikwels gedoen het: hy begin terugkyk na God se groot dade in die verlede. Asaf sien dan raak hoe God vroeër tree vir tree saam met Israel gestap het en hoe Hy hulle deur die hand van Moses verlos het. Hierdie kennis help Asaf uiteindelik om te besef dat God hier en nou steeds dieselfde is, en dat Hy hom daarom nie in die steek sal laat nie.

Regdeur die Ou Testament kyk gelowiges na die verlede om sin en betekenis aan hulle hede te gee. Hulle kyk heeltyd na die verlede sodat hulle God se groot dade in die geskiedenis behoorlik kan raaksien. In die Nuwe Testament word die **kruis van Jesus** veral die groot fokuspunt van God se aktiwiteite waarheen gelowiges terugkyk. In die **eerste Johannesbrief** sê Johannes vir sy lesers om Jesus

se kruisdood raak te sien as hulle wil weet of God regtig liefde is. Die antwoord is immers daar by Golgota glashelder beantwoord.

Ons as Westerse mense maak baie keer die fout om tekens van God se liefde net rondom ons in ons eie dag te soek. Dink maar aan die verwyt van ‘n ateïstiese akademikus wat op ‘n dag gesê het hy glo nie in God nie, want as God ‘n God van liefde is sal Hy mos nie vandag iets soos kanker of oorloë in die wêreld toelaat nie. Met ander woorde, hierdie man begaan die klassieke Westerse fout om nie oor sy skouer saam met die Bybelse mense na God se handelinge in die geskiedenis terug te kyk nie. Hy wil slegs die hede en die toekoms gebruik om iets oor God se doen en late te probeer aflei.

**c. Die toekoms is nie vir die Bybelse mense ‘n tipe almanak met datums tot in die jaar 2050 nie!**

Vir die Bybelse mense was die toekoms nie iets wat hulle tot in die fynste detail beplan het nie. Al toekoms waarin hulle regtig geïnteresserd was, was hulle eie toekoms en dié van hulle kinders wat sommer net hier ander kant die horison gelê het. Immers, met ‘n geweldige hoë sterftesyfer (minder as 50% van alle mense het ouer as 16 jaar geword rondom die eerste eeu!), was die verre toekoms nie so belangrik nie. Mens het maar vir vandag geleef, en so ‘n klein bietjie voorsiening gemaak vir jou familie se onmiddellike toekoms. Maar niks verder as dit nie.

Bybelse mense het nie oor die algemeen aan die toekoms gedink as ‘n tyd wat mens op kalenders kan vasvang soos wat ons vandag maak nie. Ons almal het mos almanakke en dagboeke waarmee ons ons toekoms beplan en reguleer. By die werk het ons vyfjaar planne, tienjaar planne, en so meer. Vir die mense van die Bybelse tyd sou so iets baie vreemd gewees het. Hulle het maar net gehoop hulle is gelukkig om lank genoeg te leef. Dan was hulle meer as tevrede. Oor wat met ander mense ‘n honderd jaar verder of selfs tweeduisend jaar verder gaan gebeur, was hulle nie geïnteresseerd nie.

Bybelse profesieë handel daarom nie in die eerste plek oor gebeure wat eers honderde of duisende jare later vir die eerste maal in vervulling sal gaan nie. Want die eerste hoorders het nie in so ‘n ver toekoms belanggestel nie. Wanneer ‘n profeet soos Jeremia of Esegiël geprofeteer het, het hulle daarom met Israel oor hulle onmiddellike toekoms gepraat. Hierdie profete het hulle byvoorbeeld gewaarsku dat as hulle hul nie bekeer nie, dan gaan hulle almal weggevoer word na ‘n vreemde land. En dit het inderdaad ook kort na iemand soos Jeremia se profesieë gebeur. Jeremia het met ander woorde nie by Israel aangekom en gesê: “ek het ‘n profesie vir julle. Maar slegte nuus: dit sal eers oor vyfhonderd jaar of tweeduisend jaar in vervulling gaan” nie. Behalwe dat die mense nie eintlik sou verstaan wat hy bedoel met sulke soort tydsaanduidings nie, sou hulle hom glad nie ernstig opneem nie. Immers, Jeremia self het dan gesê dat een van die toetse of ‘n profeet regtig van die Here af kom, is om te kyk of sy profetiese woorde waar word. En dit het mos ‘n kort tydspan veronderstel, nie waar nie?

**d. Vir Bybelse mense het tyd met MENSE te make**

Ons Westerse mense het ‘n baie abstrakte tydsbeskouing. Alles word deur ons horlosies bepaal en gereguleer. Ons werk van agt tot vyf, slaap van tien tot ses; gaan kerktoe tussen nege uur en tien uur Sondagoggende, en so aan. Maar vir mense in die Bybelse wêreld was tyd nie aan horlosies of aan streng tydsafbakenings gekoppel nie. Vir hulle is die tyd grootliks bepaal deur *mense en gebeure*. Hoe belangriker jy was, hoe meer het jy betekenis aan tyd gegee. Sê nou maar jy was ‘n groot en belangrike koning, dan was jy sommer aan die stuur van tyd. Hierdie koning kon nooit laat wees vir ‘n afspraak nie. As hy gesê het hy bring op een of ander dag ‘n besoek aan ‘n stad, en hy daag eers ‘n paar dae later op, was hy nog steeds betyds. As hy uiteindelik opdaag, is die tyd reg. Sy onderdane moes maar gedweë wag tot hy sy opwagting maak.

Hierdie punt word goed deur die Nuwe-Testamentiese gegewens oor Jesus se geboortedatum geïllustreer. Ons as Westerse mense is gedurig aan die vra na die dag en datum waarop Jesus gebore is. Dis immers hoe ons oor tyd dink. Maar die Bybelse mense was nie juis gepla was oor sulke abstrakte datums nie. Dis nie te sê dat hulle nie geweet het wanneer Jesus gebore is nie. Inteendeel, hulle het presies geweet. Matteus vertel byvoorbeeld vir ons dat Jesus gebore is in die tyd toe Herodes die Grote die koning van die Jode was. En Lukas voeg ook nog die naam van keiser Augustus in sy eie evangelie by. Die vroeë lesers van die evangelies is dus aan die hand van hierdie gegewens volledig ingelig oor die geboortedatum van Jesus.

**e. Belangrike GEBEURE bepaal ook tyd vir Bybelse mense**

Saam met die feit dat belangrike mense tyd vir die mense van die Bybel bepaal het, het belangrike gebeure ook die aard van die tyd gekleur. Mense het met ander woorde sekere gebeure gebruik as bakens wanneer tyd ter sprake was. Dit was hulle horlosies. Amper soos my oupa wat op ‘n keer vertel het hy is in die tyd van die groot griep gebore. Krisisse soos siekte epidemies, hongersnood en oorloë was belangrike tydsaandudings vir Bybelse mense. Anders gestel: om te weet wanneer een of ander gebeurtenis plaasgevind het, het hulle nie gesê dit was op 14 Julie van die jaar 30 na Christus, of so iets nie. Nee, hulle het dit gewoonlik met een of ander groot gebeurtenis in verband gebring waarvan almal geweet het.

Neem byvoorbeeld die sterrekykers in Matteus 1: aan die hand van ‘n ster wat hulle in die lug sien, weet hulle dat ‘n belangrike Koning in Israel gebore is. Dink ook net aan al die gebeure wat Jesus opnoem as Hy byvoorbeeld in Markus 13 of in Matteus 24 oor die tekens van die naderende einde van die wêreld praat. Volgens Hom sal gebeurtenisse soos aardbewings en oorloë die tekens wees dat die koms van die Seun van die Mens op hande is. Terwyl baie van ons vandag ons sakboekies uithaal en datums probeer koppel aan al die gebeure en mense waarna Jesus hier verwys, het die oorspronklike hoorders en lesers baie goed geweet dat hulle nie so iets kon doen nie. Jesus was immers nie besig om wederkoms-datums uit te deel sodat vandag se Westerse mense allerlei berekenings kan doen om die wederkoms se datum aan ‘n bepaalde dag en datum vas te maak nie. Sy oorspronklike hoorders en die eerste lesers het goed geweet Jesus praat oor die aard van die tyd wat aan’t

verander is, en dat dit elkeen wat hierdie woorde hoor en lees opgeskerp het om gereed te wees. Maar meer hieroor later!

**4. Lees die Bybel en die Bybelse mense reg oor die eindtyd- dan maak alles sin!**

Wanneer die Bybel reg hanteer word, dan hoor ons baie verrassende dinge oor die eindtyd. Dan ontdek ons terselfdertyd ook baie nuwe dinge as die holrug geryde rillerverhale wat vandag deur sogenaamde eindtyd-kenners aan ons opgedis word. Dan is die Bybel nie meer vol drogbeelde en verskrikkings nie, maar dan funksioneer dit soos wat God dit bedoel het: ‘n Troosboek wat ons wil gerusstel en bemoedig.

In die res van die boek gaan ons hierdie beginsels gebruik en toepas sodat ons ‘n duidelike profiel van die Bybelse sieninge oor die eindtyd en die laaste dae kan vorm.

## HOOFSTUK 3: WANNEER KOM DIE EINDE? ALLES WAT DIE BYBEL OOR DIE EINDTYD Sê IN 'N NEUTEDOP

Voordat ons 'n klompie van die vrae oor die eindtyd een vir een aanpak, gaan ons in hierdie hoofstuk eers so bietjie tot "terminologiese verheldering" kom. In eenvoudiger taal gesê: ons gaan al die begrippe wat verband hou met die eindtyd en die wederkoms so 'n bietjie van naderby bekyk. Die doel hiermee is om 'n basiese idee te vorm van hoe die Bybel oor hierdie sake dink. Om ons te help om dit reg te doen, gaan ons 'n belangrike Bybelgedeelte neem om ons te help. Sekerlik een van die mooiste Bybeltekste oor die eindtyd en die wederkoms van Christus loop ons in **2 PETRUS 3** raak. Bykans alles wat in die Nuwe Testament oor die eindtyd geleer word, word hier mooi kompak saamgevat. Terselfdertyd bied hierdie teks ook aan ons die geleentheid om te sien hoe die beginsels wat ons in hoofstuk 2 met mekaar gedeel het, funksioneer.

Ons gaan die volgende paar bladsye aan hierdie aangrypende teks afstaan om 'n Bybelse raamwerk met betrekking tot die eindtyd te vorm. Om hierdie taak te vergemaklik, word die teks van **2 Petrus 3:3-15** uit DIE BOODSKAP afgedruk. (Ter wille van maklike naslaan-doeleindes word verse hierby ingevoeg)

**3.** Onthou: Gedurende die laaste dae hier op aarde sal daar 'n groot klomp spotters op die toneel verskyn. Hulle sal leef net soos hulle wil. **4.** Hierdie spul sal ook spottende dinge sê soos:

'En wanneer gaan die wederkoms nogal plaasvind? Die Here het mos belowe dat Hy weer terugkom na die aarde toe. Maar alles gaan nog steeds op dieselfde ou trant aan, net soos dit van die begin af was. Ons oupas en pa's is al dood en begrawe. Hulle het hulle dood gewag op die wederkoms, maar net mooi niks het nog verander nie.'

**5.** Die mense wat hierdie dinge sê, vergeet 'n paar belangrike dinge oor God: Hulle vergeet heel gerieflik dat God lank terug die hemel en die aarde uit water gemaak het. Hy het dit gedoen deur net 'n woord te sê. **6.** En hulle vergeet ook hoe God hierna die sondige wêreld deur 'n reuse oorstroming vernietig het. **7.** God is tot vandag toe nog presies dieselfde. Hy het al klaar 'n plek voorberei vir hierdie sondige wêreld waarin ons elke dag leef: Sy groot vuur. God moet maar net 'n woord sê, dan breek daardie verskriklike oordeelsdag van Hom aan wanneer Hy al die goddelose mense eens en vir altyd sal vernietig.

**8.** My liewe vriende, moenie dieselfde fout maak as daardie spotters wat niks van God af weet nie. Hulle dink dat God afhanklik is van ons mensgemaakte kalenders en horlosies. Maar dit is glad nie so nie. Vir God is een dag net so goed soos 'n duisend jaar, en 'n duisend jaar soos een dag. **9.** Daarom is Hy nog glad nie laat vir sy afspraak met die wêreld nie, al sê daardie spotters vir almal dat dit so is. God sal sy belofte hou. Daaraan hoef julle nie te twyfel nie. Hy kom definitief weer na ons toe. Op die oomblik is God maar net geduldig met almal van julle. Hy wil nie hê dat iemand hier op aarde in die hel moet beland nie. Want Hy het niemand vir die hel gemaak nie. God wil hê dat almal in Hom moet glo.

**10.** Niemand weet wanneer die Here weer na ons toe terugkom nie. Al wat ons weet is dat dit onverwags sal wees, net so onverwags soos 'n dief wat iewers in die nag in 'n huis kom inbreek. Op daardie dag sal alles in 'n oogwink verander: Die hemelruim bokant julle koppe sal dan inmekaar stort, die sterre en die planete sal tot 'n hoop as verbrand, en die aarde met al sy sondes sal vergaan as God se oordeel oor hulle weerklink.

**11.** Julle weet dat hierdie dinge waarvan ek praat enige oomblik kan plaasvind. Alles wat julle vandag rondom julle sien, kan dalk môre iets van die verlede wees. Daarom moet julle die heeltyd doen wat God vra. Gryp elke kans aan! Wys dat julle net aan Hom behoort, dat julle net sy eiendom

is. **12.** Sien ook uit na die dag waarop die Here weer terugkom. Leef so dat God die datum van sy terugkeer eerder sal vervroeg as dat Hy dit nog langer sal uitstel.

Op daardie dag as God terugkeer, sal die hemelruim in vlamme verbrand en al die sterre en planete in 'n oomblik wegsmelt. Maar ons sal dit nie eens agterkom nie. Ons sal te besig wees om fees te vier. **13.** Want daar wag 'n splinternuwe hemel en aarde op ons. In daardie nuwe wêreld van God sal ons die heeltyd doen wat Hy vra. Wat 'n wonderlike vooruitsig!

**14.** Omdat julle uitsien na alles wat op julle wag in God se nuwe wêreld, moet julle julle bes doen om so te leef dat julle God se hart die heeltyd blymaak. Daar moenie eens 'n vuil kolletjie sonde in julle lewe te siene wees nie.

**15.** Die Here is baie geduldig met ons. Gelukkig! Hy gee ons nog 'n kans om ons lewe behoorlik in orde te kry. Kom ons gryp dit met albei hande aan. Onthou: Die Here WIL hê dat ons gered moet word..."

## a. Vers 3: Die laaste dae: wanneer breek dit eendag aan?

'n Vals vraag! Want die eindtyd het al klaar aangebreek. Dis al lankal hier. Die Nuwe Testament sê so. Dis nie iets wat eers hier iewers in ons dag gaan aanbreek soos wat baie mense dink nie.

### i. Jesus se optrede lei die eindtyd in

Met **Jesus se optrede** het die eindtyd hier op aarde aangebreek. So sê die skrywer van die Hebreërbrief in hoofstuk 1 vers 2 van sy boek. Nadat God vir baie jare deur die profete gepraat het, het Hy in die laaste dae finaal en gesaghebbend deur sy Seun gepraat. Sedert Jesus se koms het die tyd dramaties verander. Hy het nie maar net mense kom nuut maak nie. Nee, Hy het alles in die skepping met sy nuutmakende krag kom aanraak. Christus het die tyd sodanig verander dat dit nou volspoed afstuur op die heel laaste dag, op God se groot Twaalfuur, wanneer Hy alles permanent gaan nuutmaak.

Tot en met Jesus se eerste koms was die tyd nog nie reg vir 'n totale transformasie van alles in die skepping nie. Maar nou, na Jesus se koms, het alles verander. Die tyd is nou gelaai met afwagting op Jesus se terugkeer. Gespanne wag dit dag na dag sy wederkoms in. Netsoos ons as gelowiges tel die tyd ook die dae een vir een af.

### ii. Die Heilige Gees se uitstorting sê die laaste dae is hier

In Joël 2 en Handelinge 2 hoor ons van nog 'n belangrike teken dat die eindtyd hier is, naamlik **die uitstorting van die Gees** oor almal wat glo. Presies dit het op Pinksterdag gebeur. Die Gees het op daardie dag oor alle gelowiges neergekom. Die laaste dae is al sedert die koms van die Gees met ons. Pinksterdag sê so!

### iii. En dan is daar natuurlik ook nog die vals verkondigers van die Woord

'n Verdere teken dat die laaste dae hier is, is die optrede van **vals bekendmakers van God se Woord**. In vers 17 van sy brief skryf Judas byvoorbeeld dat die apostels vroeër gewaarsku het dat mense wat Christene met vals leerstellinge deurmekaar wil maak, 'nduidelike teken is dat die laaste dae, die eindtyd, aangebreek het. Petrus skryf ook so hier in vers 3.

**b. Vers 4: Kom die einde nog in ons dag?**

Vir die Bybelse mense wat nie te besorgd oor die dag van môre was nie, was die terugkeer van Jesus 'n gebeure wat net om die draai, sommer nog in hulle eie dag, sou plaasvind. Toe Jesus nog op aarde was, het Hy nie die moontlikheid uitgesluit dat die wederkoms kort na sy hemelvaart sou plaasvind nie. Kyk maar net na sy woorde in Markus 9:1 waar Hy sê dat sommige van die mense wat daar by Hom staan nie sou sterf voordat hulle die koninkryk met groot krag sou sien kom nie. In Matteus 24:34 verwys Jesus ook na sekere eindtyd gebeure wat nog gedurende die lewe van die mense wat na Hom luister in vervulling sou gaan.

Op sy beurt kan iemand soos Paulus in 1 Tessalonisense 4:17 oor die wederkoms praat asof hy dit self ook gaan meemaak. Later, as hy kort voor sy dood in 2 Timoteus 4:7-8 aan Timoteus skryf, dan besef hy egter dat hy nie die wederkoms persoonlik sal meemaak nie. Maar dit laat hom nog nie afsien van die gedagte dat dit steeds baie naby is nie. Paulus laat steeds die moontlikheid oop dat Timoteus en ander gelowiges dit nog kan meemaak.

In die slothoofstuk van Openbaring lees ons 'n paar maal hoedat Jesus deur sy kerk en die Gees uitgenooi word om tog vinng terug te kom na ons toe. En die goeie nuus: Hy antwoord deur te sê: "Kyk Ek kom gou!"

Petrus en ander vroeë Christene het nie geskroom om te sê die koms van die Here is om die draai nie. Hulle het nie aan die toekoms gedink as iets wat eers oor 'n honderd of 'n duisend jaar sal aanbreek nie. Nee, vir hulle het die toekoms net anderkant die horison gelê.

**Wat sê dit vir ons moderne Christene?** Ons moet by die vroeë Christene gaan leer om nie die wederkoms doer ver in die geskiedenis te gaan wegsteek nie. Ons moet dit enige oomblik verwag. Wanneer ons te tuis raak hier op moederaarde, wanneer ons net leef vir ons besittings en al ons aardse goed, dan sê ons nie al te maklik "Maranata," "Kom Here!" nie. En, wie weet, dalk is dit een van die redes waarom die Hemelse Koning nog talm om sy feesmaal hier op aarde te laat aanbreek. Want sy kinders, die eregaste by sy fees, sien dan nie eens meer uit na die fees nie.

**c. Vers 4-7: Hoe gemaak as die Here nie terugkom nie?**

Vir die Christene in die Bybelse tyd was dit nie vreemd om vir almal rondom hulle te vertel die Here is haastig oppad terug nie. Maar soos wat die jare aangestap het, het 'n klompie mense vir die vroeë Christene begin lag. Hulle het links en regs begin spot met die feit dat party Christene hulle al doodgewag het op die wederkoms (vers 4). Letterlik!

Bybelse mense het goed geweet dat belangrike persone die tyd bepaal. Daarom het die eerste Christene geduldig gewag op die Here se koms. Omdat Hy die belangrikste Persoon in die ganse wêreld is, het hulle geweet Hy sal kom as die tyd

reg is. Maar vir party spotters was dit eens te veel dat sommige Christene hulle dood moes wag.

Hoe reageer Petrus op hierdie probleem? Wel, hy doen wat die meeste mense van sy dag gedoen het. Hy kyk die verlede vierkantig in die oë en gaan haal dan daar die antwoorde om sin te maak van sy omstandighede. Meer spesifiek: hy gaan kyk na God se optrede in die Ou Testament. Petrus sluit by Noag aan wat in sy dae met dieselfde soort probleem opgeskeep gesit het. Mense het Noag ook links en regs gespot oor die ark wat hy gebou het sonder dat daar enige tekens van reën in die lug was, wat nog te sê, 'n oorstroming.

In vers 7 sê Petrus nou vir die spotters in sy dag dat hulle 'n les uit die verlede moet leer. Want hulle trap in presies dieselfde slaggat as die klomp spotters in Noag se dae. Hulle moet ook weer oor hulle skouers terugkyk na dit wat God in die verlede gedoen het. En hulle moet besef hulle het nog met presies dieselfde God te make. Hy is nie aan't sluimer of slaap nie. Hy is tans agter die skerms besig om sy groot oordeel gereed te kry vir al die goddeloses wat weier om in Hom te glo.

**Wat sê dit vir ons moderne Christene?** Wel, die feit dat die Here nog nie teruggekom het nie, beteken nie Hy hou nie meer sy woord nie. Inteendeel. Hy is nog steeds dieselfde God. Hy is die God wat 'n spottende wêreld met water laat vergaan het in Noag se dae. En Hy is dieselfde God wat al daar in Petrus se tyd sy oordeel gereed begin kry het vir almal wat nie in Hom glo nie.

### d. Vers 8: Onthou, die Here se horlosie werk anders as ons s'n

Die Bybelse mense wat goed geweet het God bepaal die tyd moet weer by Petrus hoor dat God se horlosie heeltemal anders as ons s'n werk. Hy is nie maar net belangriker as die tyd nie. Nee, Hy beheer dit ook. Hy besluit wat gebeur en wanneer dit gebeur. Ons mensgemaakte horlosies en almanakke perk Hom glad nie in nie. 'n Duisend jaar, die leeftyd van 'n goeie vyftien geslagte mense, is vir Hom net so goed soos een dag. Aan die ander kant, as God wil, kan Hy een dag sommer tot 'n duisend jaar uitrek. Hy word nooit deur die tyd aan bande gelê nie. Hy staan bokant die tyd, beheer dit, bepaal dit en stuur dit soos Hy goeddink.

**Wat sê dit vir ons moderne Christene?** Wel, ons mag nie ons eie skemas van wanneer die wederkoms plaasvind aan God probeer koppel nie. Want Hy is nie van ons moderne skemas afhanklik nie. Immers, daar is dan maar skaars twee dae op sy hemelse almanak verby sedert Jesus se koms.

God is so belangrik dat net Hy, en Hy alleen, die tyd bepaal, ook wat die datum betref van sy terugkoms. Nie een van ons kan vir Hom voorskryf waneer Hy na ons toe moet terugkom nie. *Ons kan Hom maar net uitnooi*. Dis al. *Maar dit berus volledig by Hom om te besluit wanneer die tyd hiervoor reg is.*

Ons as Christene wat al dig by die tweeduisend jaar op die wederkoms wag, moet weer moed skep. Die Here is regtig oppad. En Hy het nie vergeet van sy afspraak met ons nie. Hy sal betyds wees. Op presies die regte oomblik sal God sy opwagting by ons maak. Daaroor hoef ons nooit te twyfel nie. Ons moet maar net

geduldig op ons pos bly sodat ons Hom met ope arms kan verwelkom as Hy die dag terugkom.

**e. Vers 9: Daar is ‘n baie goeie rede hoekom die wederkoms nog nie aangebreek het nie**

Petrus gee ‘n baie belangrike rede in vers 9 hoekom die wederkoms nog nie met ons is nie. Hy sê dat die Here talm om te kom omdat daar nog leë plekke by sy hemelse feesmaal is. Al die uitnodigings is nog nie afgelewer nie, en al die sitplekke is nog nie gevul nie. Nog mense moet tot bekering kom sodat daar ‘n reuse skare by die hemelse banket teenwoordig kan wees, insluitend die spul spotters wat vir Petrus en die ander gelowiges spot oor die wegbly van die wederkoms. Dit is juis ter wille van mense soos hulle dat die wederkoms nog nie aangebreek het nie. Wie weet, as hulle hulle plekke by die feesmaal inneem, dan is die terugkeer van die Here sommer ‘n paar treë nader.

Die Here het nie mense vir die hel gemaak nie. Inteendeel. Mense is eintlik bestem vir God se hemelse feesmaal. Almal hier op aarde dra immers die handtekening van die Hemelse Skepper.

**Wat sê dit vir ons moderne Christene?** Totdat die tyd reg is dat die groot dag van die Here aanbreek, moet ons links en regs uitnodigingskaartjies na die hemelse feesmaal aan almal rondom ons uitdeel. Arms vol lewende water moet aangedra word na dorstiges toe sodat die Here se huis kan vol word. Ons moet volspoed hiermee besig bly totdat die Here kom.

**f. Vers 10: Hou op sommetjies maak: niemand weet wanneer die wederkoms sal plaasvind nie!**

Niemand hier op aarde weet wanneer die Here terugkom na ons toe nie. En dié wat sê hulle weet, vertel leuens! Uit en klaar! Al wat ons oor hierdie datum weet, is dat dit op ‘n tydstip sal gebeur wat meeste mense onkant sal vang. Dit sal wees soos ‘n dief wat in jou huis kom inbreek, sê Petrus. En, soos wat ons weet, gebeur so iets gewoonlik op ‘n tydstip dat ons of aan die slaap is, of glad nie tuis is nie. Inbrake vang ons altyd onkant. Net so sal Jesus se terugkoms die wêreld op verkeerde voet betrap. Meeste mense sal nie gereed wees daarvoor nie.

**Wat sê dit vir ons moderne Christene?** Al die sogenaamde kenners oor die wederkoms moet dadelik ophou met hulle spekulasies oor wanneer die groot dag van die Here gaan aanbreek. Hulle moet hulle horlosies ‘n slag met God s’n sinkroniseer. Met ander woorde, hulle moet aanvaar dat slegs God weet wanneer Hy weer na ons toe kom. Nog belangriker: eerder as dat hulle mense op hol jaag met allerhande verhale oor wanneer die einde gaan aanbreek, moet hulle liewer vir die mense sê om tuis te wees as die Here wel die dag opdaag.

**g. Vers 10: As die Here terugkom, gaan die heelal in 'n oogwink verander word**

Die Here se koms gaan nie iewers in 'n klein afgeleë plekkie plaasvind sonder dat mense elders daarvan weet nie. Inteendeel. Petrus sê vir ons dit gaan 'n wêreldwye, kosmiese gebeurtenis wees. Nie net die mensewêreld nie, maar die ganse kosmos sal meteens uit hul nate geruk word. Niks sal ongeskonde bly nie. Alles, alles sal verander. Die planete sal soos tennisballe uit hul wentelbane geslaan word, die aarde en die hemele sal geskud word en die ganse mensewêreld sal ineenkrimp voor die magtige verskyning van die Seun van die Mens. Christus is immers die Here, die Een wat heers oor hemel en aarde. En wanneer Hy sy opwagting maak, sal niks voor Hom standhou nie. Sy heerlikheid sal alle sonde verdelg en alle boosheid wegvee.

**Wat sê dit vir ons as moderne Christene?** Binne ons moderne wêreld met sy nuwe wêreldbeskouings bely die kerk nog dat die terugkoms van die Here 'n wêreldomvattende gebeurtenis sal wees. Alles sal meteens verander; alles sal splinternuut word.

**h. Vers 11: Die wederkoms vind vandag nog plaas!**

Petrus sê vir sy lesers om hulle glad nie aan die spotters te steur nie. Want die Here se koms is op hande; dis voor die deur. Hulle moet daarom sorg dat hulle tassies gepak is. Want die Here kan vandag nog sy opwagting maak. Netnou, as hulle nog so ydel rondsit, kan die Here dalk voor die deur staan. Daarom moet hulle heeltyd uitsien na sy koms. Soos mense wat wag op die besoek van 'n goeie vriend; soos wat iemand wat 'n slaaplose nag beleef wag op die breek van die dag, so moet Christene die Here se koms inwag.

**Wat sê dit vir ons as moderne Christene?** Ons moet leef asof die Here beslis vandag terugkom. Dan sal ons nie sulke speletjies met die sonde speel nie. En dan sal ons baie meer moeite doen om ander mense uit te nooi na die Here se fees. Christus se koms is net so naby soos ons eie dood. Dit kan enige oomblik gebeur. Waarom nie vandag nie? Verwag die Here! Nooi Hom elke dag uit om terug te kom. Sorg dat jou feesklere wit gewas is in die bloedrooi bloed van die Lam.

**i. Vers 12 en vers 15: Die datum van die wederkoms kan verander**

Wat 'n verrassende vers, hierdie vers 12. Dit wat mens hier raaklees, klink so ongelooflik dat jy amper te bang is om dit in jou eie woorde agterna te sê. Want Petrus sê hier dat die datum van die wederkoms nie totaal vas en onveranderlik is nie. Gelowiges kan dit deur hul lewenswyse verhaas. God is nie 'n despoot, 'n

onbeweeglike God wat alles kant en klaar besluit het nie. Nee, Hy laat dinge soos berou en bekering ook inspeel op die tyd van die wederkoms.

Aan die een kant sê Petrus in vers 12 dat gehoorsaamheid aan God as't ware die wederkoms nader bring, die tyd korter maak. Hoe meer mense voor Hom buig, hoe groter word die skare wat op die hemelse feesmaal wag, en hoe gouer besluit God dalk om die dag van alle dae te laat aanbreek.

Aan die ander kant sê Petrus egter in vers 15 dat God se geduld met ongelowiges en ongehoorsames maak dat Hy nog 'n bietjie wag om terug te kom. Hy staan gereed, maar Hy wil nie mense onkant betrap nie. Daarom waarsku Hy hulle om eers die nodige feesklere aan te trek.

**Wat sê dit vir ons as moderne Christene?** Ons leef elke dag op 'n hoogspanningsdraad. Aan die een kant bring die verkondiging van die evangelie die wederkoms al hoe nader aan ons. Mens sou kon sê dit veroorsaak dat die sand in die uurglas van die hemelse horlosie vinniger deurval. Maar aan die ander kant sit die toenemende sondigheid van die mensdom God se terugkeer in trurat. Dit laat die sand stadiger deurval.

Hoe los mens hierdie spanning op? Eenvoudig: laat dit oor aan God en hou aan om vir mense van Jesus te vertel. Strooi die Goeie Nuus tydig en ontydig uit. Wêreldwyd. Praat die feesmaal vol, die tyd korter! Dis God se opdrag aan ons totdat Hy terugkom.

### j. Vers 13: Op 'n dag word alles nuut

Petrus sê dat God se nuwe wêreld aan die einde van die tyd op gelowiges wag, nie allerhande oordele nie. Christene is oppad na hul ewige adres daar by God. Hulle is oppad om te gaan feesvier. Daar gaan almal van vroeg tot laat doen wat God sê. Daar gaan Hy ons Koning wees. En daar gaan geen ander magte meer wees om ons te pla en te verlei nie.

**Wat sê dit vir ons as moderne Christene?** Die wederkoms beteken dat ons splinternuwe adres daar by God gereed is en dat ons gaan verhuis. Liewer: God self kom haal ons op daardie dag en begelei ons na ons nuwe woning toe. Wat 'n vooruitsig!

Ons toer saam met Petrus het ons laat kennis maak met die vernaamste aspekte wat verband hou met die eindtyd en die wederkoms. Petrus bied glashelder antwoorde op baie vrae. In 'n neutedop kom sê hy vir ons wat die eindtyd is; hoe ons oor die datum van die wederkoms moet dink; wat op daardie dag en daarna gaan gebeur; ensovoorts. Noudat ons hierdie nuttige raamwerk het, kan ons die soeklig op 'n paar van hierdie sake laat val, asook op 'n paar probleme wat nog nie aangeroer is nie.

# HOOFSTUK 4: MATTEUS 24-25: KAN JY DIE TEKENS VAN DIE TYD REG LEES?

## Sê my, wanneer kom die einde?

"Wanneer breek die laaste dag aan?" Hierdie benoude vraag uit die mond van die dissipels kort voor Jesus se kruisiging (Matt 24:3) word vandag steeds wêreldwyd gevra. En veral vandag, met sy derduisende eindtyd-profete en boeke, staan baie persone gereed met die antwoord. Soos te verwagte haal ons geslag die laaste der dae; die doodlyn, in hul antwoorde. Ons is volgens al hierdie kenners die laaste geslag op aarde. Hoor maar net wat skryf

Is ons regtig die mense wat die wederkoms persoonlik gaan beleef? Moet ons ons werk bedank, ons spaargeld uit ons bankrekening trek en die wederkoms by die kerk gaan sit en inwag? Word ons skoon op hol gejaag deur al die stemme rondom ons? Trap ons nie dalk met hierdie soort vrae in presies dieselfde slagyster as waarteen Paulus sy kerk in 2 Tessalonisense 2:2-3 waarsku nie:

"Ek het gehoor dat julle nog baie vrae en probleme oor die wederkoms het. Party van julle het al skoon moed verloor. Ander weer is doodbang. Dit is omdat julle alles vir soetkoek opeet wat mense vir julle oor die wederkoms vertel. ... Julle is nou skoon paniekbevange want julle dink die wederkoms gaan enige oomblik plaasvind. Ek hoor party van julle het selfs al opgehou werk en wag net dat dit moet aanbreek" (DIE BOODSKAP).

## Die tempel en die laaste der dae (24:1-2)

Wat is Jesus se antwoord op die vraag van sy dissipels oor wanneer die einde kom? Wel, Jesus se antwoord hang saam met sy verwysing na die verwoesting van die tempel in vers 1-2 waar Hy aankondig dat die tempel binnekort tot op die grond afgebreek gaan word.

Die Jerusalem tempel was deur die eeue heen vir Israel die simbool van God se teenwoordigheid. Dit was sy aardse adres, sy woonplek by die mense. Vir Israeliete was dit ondenkbaar dat die tempel ooit vernietig sou kon word. God sou mos self na sy huis se sekuriteit omsien. Maar Jesus het nie hierdie opvatting gedeel nie. Inteendeel. Terwyl sy dissipels hulle nog verwonder het oor die pragtige tempelgebou, kondig Jesus aan dat dit een van die dae vernietig sou word. Wat 'n skok vir die arme dissipels. Die hartklop van hulle volk se godsdiens vernietig?! Dan moet die einde van die wêreld mos bitter naby wees, het hulle gedink.

Hoe reg was die dissipels nie. Jesus se optrede het die laaste dae hier op aarde ingelei. Die eindtyd het aangebreek met sy koms. Ons almal is van toe af al deel van die laaste dae. Die geskiedenis se uurglas is besig om leeg te loop. Die wederkoms is vandag eerder nader aan ons as verder. In Paulus se woorde in Romeine 13:10-11:

"Julle moenie so vasgevang raak in julle besige lewe dat julle nie agterkom hoe laat dit al is nie. Kyk, die einde, die groot dag van die Here waarna ons almal so uitsien, is voor die deur. Trouens, dit is sommer al baie nader aan ons as toe ons tot bekering gekom het. Daarom moet ons wakker word. Die nag is verby; dit is al amper dag. Ons moet dadelik ophou met al ons sondes en begin leef soos mense van die dag."

Binne hierdie nuwe tyd wat Jesus gebring het, is die tempel oorbodig. God bly nie meer in 'n aardse adres daar in Jerusalem nie. Hy het verhuis. Sy kerk is nou sy nuwe adres. God bly gedurende die laaste dae in lewende tempels. Daarom is Jerusalem se tempel sowat veertig jaar na Jesus se woorde tot op die grond gelyk gemaak. Om presies te wees: dit het in die jaar 70 gebeur nadat die Romeine Jerusalem vir 'n lang tyd beleër het. Toe hulle die stad uiteindelik inval, het hulle 'n reuse slagting onder die mense van die stad aangerig. En uiteindelik het hulle ook die tempel verwoes - presies soos wat Jesus gesê het.

### Slegte gebeure kenmerk die eindtyd- ook ons s'n! (24:4-14)

Die dissipels wou baie graag by Jesus 'n kalender hê waarvolgens hulle kon bereken hoe ver die wederkoms nog in die toekoms lê. En toe gee Hy in vers 4-14 vir hulle een. Wel, ten minste een wat werk volgens hulle manier van dink oor die tyd. Hy gebruik *gebeure-tyd* om vir hulle te wys dat daar allerhande slegte dinge nog in die wêreld gaan gebeur voor sy terugkeer, soos hongersnode, aardbewings, oorloë, en wat nog alles. Al hierdie dinge moet vir hulle, en vir ons(!) sê die einde is naby. Dis vyf voor twaalf.

Soos wat ons in hoofstuk twee gesien het, werk Bybelse mense se kalenders en horlosies anders as ons s'n. Ons wil altyd datums hê as ons oor die tyd praat. Met ander woorde, ons sou graag iets wou hoor soos dat daar, sê nou maar, 'n oorlog op 2 Mei 2002 gaan wees wat die einde gaan inlei. Maar Jesus doen dit nie. Hy noem slegs dat die laaste dae voor die einde van die wêreld gekenmerk gaan word deur 'n klomp slegte gebeure. En let op, hierdie gebeure is **DINAMIES, HERHALEND VAN AARD**. Jesus het nie gesê daar gaan slegs een oorlog of een groot aardbewing wees nie. Hy praat hier van gebeure in die natuur wat hulle sedert sy optrede op aarde van geslag tot geslag herhaal. Kort na Jesus se hemelvaart weet ons byvoorbeeld al van 'n baie groot hongersnood wat Judea en Jerusalem tref (Hand 11:27-30). Terwyl Paulus in Korinte werk (Hand 18), weet ons ook vanuit buite-Bybelse gegewens dat daar 'n groot kosskaarste in die stad geheers het. En natuurlik was oorloë in daardie tyd aan die orde van die dag- soos ook in ons tyd. Om dus soos party Skrifuitleggers te sê daar is vandag baie meer aardbewings as 'n paar honderd jaar terug, is om iets in die Bybel in te lees wat daar nie staan nie. Want Jesus sê nie vir sy dissipels hierdie natuurrampe gaan meer word, soos wat party mense foutiewelik beweer nie. Hy sê slegs dit gaan orals plaasvind. Terloops, natuurlik sal ons vandag van meer aardbewings bewus wees as 'n paar honderd jaar terug omdat ons beter wetenskaplike apparaat het om dit mee te meet, maar sulke

natuurrampe kom gereeld deur die loop van die geskiedenis voor. So is die stad Korinte byvoorbeeld al in die sewentigerjare van die eerste eeu deur 'n reuse aardbewings getref.

Jesus se woorde sê vir ons die einde is naby. Ook in ons eie dag. Netsoos wat slegte gebeure vir die dissipels moes sê hierdie wêreld gaan nie vir altyd bestaan nie, sê dit nog steeds presies dieselfde vir ons. Ons is maar net pelgrims hier op moederaarde. Dis nie ons ewige tuiste nie. God se kalender sê vir ons dis nie meer lank nie, dan is alles hier op aarde oor en verby. Kyk maar net rondom jou na die vernietiging van die skepping, na al die rampe en katastrofes, dan besef jy dit. Lees God se kalender voor dit te laat is!

**Slegte mense bepaal die eindtyd- ook ons s'n (24:4; 9-12)**

Bo en behalwe die slegte dinge in die skepping wat vir ons sê dis naby aan middernag, sê Jesus vir ons dat die laaste dae ook gekenmerk word deur die optrede van vals profete, vervolging van die kerk, en valse messiasse (Matt 24:4; 9-12). En weer eens is dit dinge wat regdeur die geskiedenis gebeur, tot vandag toe. Aan die begin van die tweede eeu hoor ons byvoorbeeld al hoe 'n man met die naam Simon bar Kogba homself tot Messias van die Jode verklaar. 'n Lang lys voorbeelde tot reg in ons eie dag sou nog bygevoeg kon word. Om nie eens te praat van dinge soos vals leringe, nuwe kultusse en wat nog alles nie. As mens rondom jou kyk, kan jy nie anders as om Jesus se woorde doodernstig te neem dat ons in die eindtyd leef nie.

**'n Gruwel van verwoesting in die tempel- wat vir 'n ding is dit? (24:15)**

In Matteus 24:15 hoor ons van 'n gruwelike ding in die tempel waaroor die profeet Daniël al geskryf het. Wat vir 'n ding is dit? Wel, om te verstaan waarna Daniël en Jesus verwys, moet ons so 'n bietjie in die geskiedenis gaan terugblaai tot daar rondom die jaar 168 voor Christus. Toe het 'n baie slegte man met die naam Antiogus Epifanes oor die Jode regeer. Hierdie man het op 'n dag 'n skrikwekkende ding gedoen. Hy het die tempel in Jerusalem omskep in 'n tempel tot eer van die Griekse god Zeus, en ook begin om offers vir hom daar op die altaar te bring. Daniël verwys in sy profetiese boek na hierdie skrikwekkende tyd toe die heiligste plek op aarde, die tempel, deur hierdie onreinheid besoedel is.

Vir die Jode was hierdie daad van Antiogus Epifanes iets afgryslik. Dit het gemaak dat hulle die wapens teen hom opgeneem het. Regdeur die geskiedenis van de Jode word die uitdrukking "die gruwel van verwoesting" dan gebruik as 'n herinnering aan daardie verskriklike era en as 'n sinspeling op enige nuwe kwaad wat hulle mag tref.

Rondom die jaar 38 na Christus het die gehate Romeinse keiser, Gaius Caligula, opdrag gegee dat 'n standbeeld van homself in die tempel in Jerusalem opgerig moet word. Toe die Jode hoor dat daar nog "'n gruwel van verwoesting" oppad is

na hulle heilige tempel, was hulle bereid om die wapens teen Rome op te neem. Maar Gaius is dood voordat daar uitvoer gegee kon word aan sy planne.

Aan die vooraand van sy kruisiging kondig Jesus aan dat nog ‘n gruwel van verwoesting Jerusalem se tempel gaan tref. Hy gaan voort deur in Matt 24:16-22 vir die mense te sê om pad te gee uit Judea as hulle dit sien gebeur. Natuurlik verwys Jesus hier na daardie verskriklike tyd wat veertig jaar later aangebreek het toe die Romeine Jerusalem binnegeneem het. Dit was iets verskriklik. Behalwe dat hulle die tempel ontreinig het en dit tot op die grond afgebreek het, het hulle ook nog derduisende Jode soos diere doodgemaak. Daar word vertel dat hulle tot soveel as vyfhonderd Jode per dag buitekant Jerusalem laat kruisig het.

Jesus sê vir sy dissipels dat die mense moet padgee as hierdie dinge begin gebeur. Want dit sal ‘n verskriklike tyd vir oud en jonk, man en vrou, wees. Mense sal in daardie tyd in groot massas sterf.

**As die Here terugkom, sal almal dit weet- jy ook! (24:23-26)**

Jesus waarsku dat baie mense hulleself as die Messias sal voorhou en maak asof hulle die eindtyd bring. Maar Hy sê vir ons in vers 23-26 om hulle nie te glo nie. Want hulle is leuenaars. Jesus sal op so ‘n manier terugkom aarde toe dat almal dit in elk geval sal weet. Sy koms sal soos ‘n weerligstraal wees wat die ganse wêreld tot stilstand sal ruk. Alles en almal sal verander word. Jesus gaan nie iewers in ‘n afgeleë plekkie sy opwagting maak nie. Nee, sy koms is vir elkeeen om te sien, en te beleef!

Jesus se koms sal nie net ons mensewêreld dramaties verander en ‘n einde bring aan die geskiedenis soos wat ons dit vandag ken nie. Nee, Hy sal die ganse kosmos verander (vers 29-31). Wanneer Jesus saam met sy hemelse weermag die aarde betree, sal die son doodgaan en die planete uit hul baan geslinger word. Alles en almal gaan dan persoonlik met die Heer van die here, die Koning van alle konings te make hê.

**Die wederkoms- net om die draai (24:32-35)**

Jesus gee nog ‘n “datum” vir ons oor wanneer al hierdie laaste dinge gaan plaasvind in vers 32-33 as Hy verwys na die vyeboom wat begin bot. Hy sê met ander worde dat as ons al die slegte mense en gebeure oral sien, dan moet ons weet die einde is nie meer ver nie. Trouens, dit gaan dalk sommer nog in die leeftyd van hierdie geslag gebeur.

Netsoos die dissipels, aanvaar Jesus dat mens nie te ver in die toekoms moet inkyk as jy oor die einde praat nie. Daarom veronderstel Hy hier na sy mensheid dat dit inderdaad nog in die leeftyd van sy eie dissipels kan plaasvind.

**Weet Jesus wanneer die wederkoms is, of weet Hy nie? (24:36)**

Jesus sê vir sy dissipels dat dit nie moontlik is om die presiese datum van die wederkoms te bepaal nie. Nie eens Hy weet wanneer dit gaan wees nie. Maar nou moet ons onthou dat Jesus hierdie woorde sê terwyl Hyself nog op aarde is. En, soos wat ons weet, was Jesus ook toe volledig mens. Natuurlik God ook. Maar partykeer het Hy na sy mensheid dinge meegemaak- soos wat sy opmerking in vers 36 wys. Hier, kort voor sy kruisiging, weet Hy as mens nog nie wanneer die einde kom nie. Maar later, na Jesus se hemelvaart wanneer Hy volledig aan die stuur van sake in die heelal staan, stuur Hy die wêreld eiehandig af op die wederkoms. So vertel Johannes onder andere vir ons in Openbaring 5 en 19. Na sy hemelvaart is Jesus volledig aan die beheer van die tyd. Dan weet Hy baie goed wanneer hierdie groot dag gaan plaasvind.

**Die wederkoms kom onverwags- wees gereed! (24:37-44)**

Netsoos Petrus in 2 Petrus 3, waarsku Jesus sy dissipels hier in Matt 24:37 om nie dieselfde fout te maak as die mense daar in Noag se tyd nie. Hulle het gedink Noag bou sy groot ark vir die grap- toe tref die groot water hulle!

Jesus sê vir ons om nie "sommetjies-makers" te wees nie. Dis nie ons werk om van vroeg tot laat te probeer uitreken wanneer Hy terugkom nie. Dit berus by sy Vader om te besluit wanneer die tyd reg is. Hy is immers die Koning. Hy weet presies. En Hy sal nie laat wees nie. Maar sy koms sal wel onverwags wees. Meeste mense sal op verkeerde voet betrap word as Jesus terugkom. Twee mense sal staan en werk: een sal gereed wees vir sy koms en die ander een nie. So sal dit dwarsdeur die wêreld gaan.

Die enigste taak van ons as gelowiges in hierdie laaste dae is om op ons pos te wees. Ons moet leef soos mense wat die Here enige oomblik te wagte is, selfs al kom Hy in die middel van die nag. Ons mag nie onkant betrap word nie.

**Die wederkoms kan dalk nog so 'n rukkie duur (24:45-25:13)**

As dit aan die een kant waar is dat die wederkoms net om die draai op ons wag, dan wil Jesus aan die ander kant ook vir ons sê dat die wederkoms miskien nog so 'n rukkie kan duur. Saam met al die ander dinge wat Jesus oor die laaste dae en die wederkoms vir sy dissipels sê, vertel Hy hier ook twee gelykenisse waarin Hy wys dat die koms van die Seun van die mens miskien nog 'n rukkie vorentoe in die toekoms lê.

In die eerste gelykenis van die getroue en ontroue slaaf (24:45-51) hoor ons onder andere van die slegte slaaf wat agterkom dat sy meester lank vat om terug te keer. Dan begin hy ander mense verdruk en in sonde leef. In die gelykenis van die tien meisies (25:1-13) hoor ons weer dat die bruidegom eers na middernag sy opwagting maak.

Hierdie gelykenisse van Jesus plaas ons doelbewus terug op die hoogspanningsdraad tussen die nabyheid en die "verheid" van die wederkoms. Dit

bevestig opnuut wat ons al ‘n keer of wat vir mekaar gesê het: ons weet eenvoudig nie wanneer die Here terugkom nie. Dit kan net om die draai wees soos wat 24:34 sê. Of dit kan nog ‘n rukkie vat, soos wat hierdie gelykenisse veronderstel. Die Bybel wil nie ons nuuskierigheid oor die wederkoms bevredig nie. Al wat dit vir ons wil sê, is dat die wederkoms definitief oppad is. Daaraan kan ons vashou. Maar presies wanneer, dit weet ons nie. Nog belangriker, ons hoef ook nie te weet nie. God sal besluit wanneer die tyd reg is.

## Hoe om die tyd tot by die wederkoms in God se wêreld deur te bring

In die slotgedeelte van Matteus 24 en in hoofstuk 25 vertel Jesus vir ons hoe ons die tyd tot en met sy terugkeer sinvol hier op aarde moet deurbring.

### a. Sorg vir God se mense (24:45-51)

‘n Vriend van my het op ‘n keer gesê hy wil nie sit-sit doodgaan nie. Die Here moet hom maar soos ‘n vlakhaas in die hardloop kom skiet. Wel, hy is heeltemal in die kol. Want Jesus wil hê ons moet volspoed besig wees in sy wingerd totdat Hy terugkom. Daar moenie tyd wees om verveeld rond te sit nie. Want dan gee ons net vir die duiwel vatkans. Soos ‘n slaaf wat aangestel is om vir die ander slawe te sorg terwyl die eienaar weg is, moet ons vir mede-Christene sorg en hulle op die hande dra. Hulle nood, vrae, probleme en swaarkry moet ons s’n wees. In die woorde van Galasiërs 6:2 moet ons mekaar se laste dra. En hiermee besig bly totdat Jesus die dag terugkeer. Gelowiges wat vir ander omgee, het nie tyd om soos slegte slawe te begin om ander mense te verdruk en dronkpartytjies hou nie.

### b. Wag op die Here (25:1-13)

Die gelykenis van die vyf meisies met olie in hulle lampe wat gereed is as die bruidegom kom, wys dat ons elke dag aktief op die Here se koms moet wag. Ons tassies moet elke dag gepak wees, soos my ouma gesê het. Met ander woorde, ons moet sorg dat ons lewens elke dag vervul is met die Gees se krag sodat ons nie onkant betrap word as die Here opdaag nie. Dit vereis ‘n toegewyde lewe waar ons tyd maak om met God in gebed te praat en sy Woord te bestudeer.

### c. Verander jou talente in gawes (25:14-30)

In ‘n aangrypende gelykenis vertel Jesus hoedat God aan mense talente uitdeel. Hierdie talente mag egter nie begrawe word nie. Dit moet gebruik word. Nog belangriker: dit moet in gawes verander. Wanneer jy jou talente aanwend om God te eer, dan verander dit daar en dan in gawes. En dan stel God jou in staat om dit hoe langer hoe meer vir Hom te gebruik. Maar weë jou as jy vergeet van wie af al jou talente kom en dit nie gebruik om Hom te eer nie. Dan gaan God jou tot verantwoording roep. Nog erger: Hy gaan jou in die ewige verdoemenis laat

opeindig omdat jy Hom beledig het deur jou rug te draai op die talente wat Hy by jou kom aflewer het.

Die tyd tot en met die wederkoms moet ‘n tyd wees waar ons elke talent wat ons het inspan om die Here te verheerlik. Ons enigste wens moet wees om by Hom te hoor: “Mooi so, goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, maar oor baie sal jy aangestel word.”

**d. Die verrassende eindoordeel (25:31-46)**

Jesus gee aan die einde van Matteus 25 vir ons ‘n verrassende kyk op die gebeure op die heel laaste dag. Ons hoor hier dat die wêreldgeskiedenis soos wat ons dit tans ken afgesluit word deur God se oordeel. Liewer: Jesus self sal sommer die oordeel waarneem. Hy sê Hy sal as die Seun van die mens ‘n duidelike onderskeid kom maak tussen die skape en die bokke; dit wil sê, tussen mense wat vir altyd by Hom gaan bly en mense wie se eindbestemming die verderf is. Maar Jesus oordeel op ‘n heel ander manier as wat ons dink. Hy sê dat Hy op die laaste dag nie gaan kyk na wat mens alles geglo het nie, maar wat jy alles met jou geloof gedoen het. Met ander woorde, het jou geloof gemaak dat jy omgee vir mense in nood; vir armes, siekes, noodlydendes, of het jy met jou geloof en al lekker agteroor gesit en die wêreld aan hul eie lot oorgelaat?

Geloof moet mens tot aksie laat oorgaan. Dit kan jou nooit net ‘n passiewe aanskouer van God se werke of ‘n kerkbank-sitter laat bly nie. Die regte soort geloof haal jou uit jou gemaksone uit. Dit laat jou agter Jesus aanstap na al die stukkendes en eensames toe. Want dis die mense wat hoog op sy agenda is. Om na hulle om te sien, is om te doen wat God wil hê. Dit verseker aan jou ‘n plek by Jesus se feesmaal op die heel laaste dag.

# HOOFSTUK 5: DIE ANTICHRIS: WIE OF WAT IS HY?

Die antichris hou mense al vir die afgelope twee duisend jaar aan't raai. Wie of wat is hy/dit? Dalk die pous soos wat Luther gemeen het? Of 'n politieke sisteem soos die Nazis soos wat Bonhoefer en baie ander gesê het? Of miskien die kredietkaart soos wat baie eindtyd-kenners in die tagtigerjare beweer? Wat van die heel nuutste verklaring: die mikro-rekenaar tegnologie waarvolgens rekenaarskyfies een van die dae onder ons vel ingeplant gaan word?

Ten einde duidelikheid te kry oor die identiteit van die antichris/antichriste gaan ons in hierdie hoofstuk ook weer terug na ons Bron toe - die Bybel om daar antwoorde te gaan soek.

## 1. 2 Tessalonsisense 2:2-7: 'n Nagmerrie is oppad

* Die eerste belangrike ding wat julle moet weet, is dat daar eers 'n klompie dinge moet gebeur voordat Christus terugkom. So, hou dadelik op om almal te glo wat julle koppe deurmekaarpraat.
* Wat moet dan nog alles gebeur? Wel, eers gaan baie mense hulle rug op die Here draai. In daardie tyd sal 'n baie slegte figuur ook sy opwagting maak. Hy kom reguit uit die hel uit. Hy sal die vieslikste dinge aanvang. Hy sal dink hy is baie beter is as God. Daarom sal hy weier om voor Hom te buig. Maar dis nie al nie: Hierdie goddelose figuur sal maak asof hy self God is. Hy sal daar in die tempel waar die mense bymekaar kom om God te aanbid op die heel belangrikste plek gaan sit en vir almal sê: "Ek is God!"
(Het julle dan al hierdie dinge vergeet? Ek het dit mos mooi aan julle verduidelik toe ek daar by julle was.)
* Hierdie goddelose mens is nog nie op die toneel nie. Hy word nog teruggehou. Ek het mos vir julle vertel wie dit is wat hom keer om nou al sy verskyning te maak. Want die tyd is nog nie reg vir sy koms nie. Maar moenie dink alles is rustig en veilig nie. Nee, agter die skerms is die bose magte hard aan die werk. Hulle wag net vir die oomblik wanneer die een wat die goddelose figuur terughou self van die toneel af verdwyn. Dan sal daardie goddelose mens sy opwagting maak. Natuurlik sal die Here Jesus later persoonlik met hom afreken. Wanneer Hy terugkom na die wêreld toe, sal Hy hierdie goddelose met een asemteug tot binne-in die hel blaas.
* Intussen sal hierdie goddelose figuur met al sy bose planne besig wees. Waar kom sy krag vandaan? Natuurlik van die Satan af. Daarom sal hy in staat wees om groot wonders en spesiale tekens te doen. Hierdie goddelose figuur sal dit gebruik om mense te mislei. Hy sal almal wat hulle rug klaar op God gedraai het aanspoor om die vieslikste sondes te doen. Hulle sal sy slawe wees omdat hulle die kans van 'n leeftyd deur hulle vingers laat glip het om in Christuste glo en sy verlossing te ervaar. God sal ook toelaat dat hulle al hierdie leuens uit die hel glo. En wat is die uiteinde van almal wat weier om in die waarheid te glo? Wat dink julle gaan gebeur met hierdie spul wat dit so geniet om hulle aan al wat sonde is oor te gee? God se verskriklike straf gaan hulle tref." (DIE BOODSKAP)

Paulus se gemeente in Tessalonika het baie probleme gehad met die wederkoms. In 1 Tessalonisense 4 lees ons hoedat 'n klomp van hulle begin bekommer het wat met die Christene gaan gebeur wat al klaar gesterf het sonder om die wederkoms te beleef. En in die tweede brief lees tussen die lyne ons van party gemeentelede wat sommer ophou werk het en die wederkoms sit en inwag. Toe Paulus van al hierdie verwikkelinge hoor, het hy dadelik die pen opgeneem en begin skryf.

In 2 Tessalonisense 2 kalmeer Paulus die gemeente se gemoedere deur vir hulle te sê hulle moenie oorboord met die wederkoms gaan nie. Daar moet nog 'n paar

dinge gebeur voor die wederkoms plaasvind. Ten minste moet ‘n baie slegte figuur eers sy opwagting hier op aarde maak. Hy is nog nie op die toneel nie omdat iets of iemand hom nog teëhou, maar agter die skerms is die bose kragte hard aan die werk om hierdie figuur na vore te bring.

Nou wie of wat is hierdie goddelose figuur? Kom ons sê sommer dadelik vir mekaar die antwoord: ons weet nie! En dié wat vandag sê hulle weet, praat nie die waarheid nie! Want Paulus sê nie vir ons die antwoord nie. Al wat hy doen, is om te beskryf wat hierdie persoon gaan doen: hy gaan in die tempel optree (wat vandag nie meer bestaan nie) en maak of hy God is. Verder gaan hy mense mislei. Hierdie figuur word dus deur Paulus met godsdienstige dwalings in verband gebring. Meer as dit weet ons egter nie van hom nie- behalwe dat Christus hom met sy terugkeer met ‘n enkele asemteug tot in die hel gaan blaas.

En die een wat keer dat die goddelose op die toneel verskyn? Weer eens weet ons nie wie of wat hy is nie. Party mense vermoed dat dit dalk Paulus self kon wees wat met sy prediking die koninkryk van Satan dramaties verklein het. Maar ons kan nie met sekerheid sê nie. Al wat ons wel kan aflei, is dat Paulus veronderstel dat hierdie teëhouer in staat is om die volle impak van die Sataniese werking vir ‘n tyd lank te rem.

Kom ons wees eerlik met mekaar; ons het eenvoudig nie al die sleutels om die slotte rondom 2 Tessalonisense 2 oop te sluit nie. Ons lei ons hoogstens uit hierdie teks af daar kom een of ander bose mag, maar wie dit is, en waar en wanneer hy/dit verskyn, weet ons helaas nie. Maar gelukkig werp die res van die Bybel meer lig op die identiteit van die antichris/te. Kom ons gaan kyk:

**2. 1 Johannes 2:18-25: Die antichris se identiteit is bekend!**

Die apostel Johannes werp gelukkig so ‘n bietjie meer lig op die vraag wie die antichris is. Trouens, hy gee sommer ‘n klinkklare antwoord hierop. Ten eerste skryf Johannes in vers18 dat ons nou in die heel laaste uur van die wêreldgeskiedenis leef; oftewel,in die laaste dae. Die einde kan nou enige oomblik aanbreek. Hy gaan verder om te sê dat gelowiges weet dat die antichris ook in die laaste dae sal optree. Dus: as ons in die laaste dae leef en die antichris tree ook in die laaste dae op, dan moet die antichris mos nou al aan die werk wees. of hoe? Johannes stem hiermee saam. Daarom sê hy in vers 18-19 presies vir ons wie die antichris is. Liewer, wie al die antichriste is.

Volgens Johannes kom die antichris/te uit die geledere van die kerk. Mens hoef nie verder as die kerk te gaan soek om die antichris te identifiseer nie. Hy sit nie doer ver in een of ander parlement of aan die hoof van ‘n rekenaarmaatskappy nie. Nee, hy bly sommer hier op die kerk se voorstoep. Trouens, daar is inderwaarheid ‘n hele klomp antichriste sê Johannes in vers 18.

Hoe sal ons hierdie antichriste uitken? Eenvoudig! Kyk maar net watter mense weier om te erken Jesus is die Christus, die lewende Here, dan het jy die antwoord. Johannes sê so in vers 22. Elkeen wat nie die Vader en die Seun wil erken en voor hulle buig nie, is die antichris in lewende lywe. Dis wat die Bybel sê. Jy loop dus elke dag tussen ‘n klomp antichriste rond, ook in die hart van die kerk. Want helaas

is daar vandag baie mense wat met vals motiewe die kerk se banke warm sit. Moenie te ver gaan soek vir die antichris terwyl hy/hulle hier reg onder jou neus aan die werk is nie. Dis ‘n set van die Bose dat ons die antichris altyd elders gaan soek terwyl ons stokblind is vir dit wat hy reg onder ons eie oë aanvang.

### 3. Openbaring 12-13: Die onheilige trio se oorlog hier op aarde

As daar ‘n gedeelte in die Bybel is wat dikwels in die kerk misverstaan word, dan is dit die verwysing na die 666 merk in Openbaring 13. Vandag is mense nog steeds op hol oor die betekenis van hierdie merk. Enigiets wat net lyk of ruik na hierdie nommer is meteens Satanies, antichristelik. Almal wat leef en beef probeer deesdae om hierdie nommer se kode te ontsyfer; egter sonder dat die Bybel gelees word volgens die instruksies wat ons is hoofstuk 2 met mekaar gedeel het.

#### a. Die dekor: Christus wen die duiwel

Ten einde Openbaring 12-13 reg te verstaan, moet ons altwee hierdie hoofstukke lees as deel van die groot oorwinningsverhaal wat met Christus se hemelvaart in hoofstuk 5 ‘n aanvang geneem het. In Op 5 vertel Johannes vir ons hoedat Jesus na sy hemelvaart as Oorwinnaar in die hemel gekroon word. Hy staan daar voor God se troon as die geslagte Lam wat nou alle mag in die hemel en op aarde het. Daarom kan Jesus ook die boekrol uit God se regterhand neem. Hierdie boekrol verwys na God se raadsplan, sy bloudruk vir die res van die wêreldgeskiedenis tot en met die wederkoms.

In hoofstuk 12 van Openbaring vertel Johannes vir ons ‘n tweede gebeurtenis wat in die hemel afgespeel het toe Jesus op daardie dag as Heerser oor die heelal gekroon is. Die draak, oftewel Satan, het naamlik toe die hemel ingestorm om die Kind (ons Here Jesus) kort na sy hemelvaart daar te gaan aanval. Daar in die hemel loop Satan egter sy rieme styf. Maar Jesus self verwerdig Hom egter nie om teen Satan te veg nie. Hy het immers klaar die oorwinning behaal. Daarom stuur Hy sommer sy engele om met die draak af te reken. En hulle doen dit baie goed; hulle gooi Satan en sy hordes onseremonieël uit die hemel en versper sy weg permanent na die hemel toe.

#### b. Die Sataniese woede word vir 42 maande op die aardbewoners gewreek

Toe Satan sy oë hier op aarde in die intensiewe eenheid oopmaak na sy hardhandige verbanning uit die hemel, kom hy agter hy’s nou gedoem tot die aarde. Hier bevind Christus se kerk (“die vrou”) hulle ook op wie hy kan wraak neem. Maar Satan word min tyd gegee om dit te doen. Hy weet Christus is oppad terug om hierdie wêreld nuut te maak.

Johannes gebruik deurgaans simboliese taal om uitdrukking aan hierdie tyd tussen die hemelvaart van ons Here en sy terugkoms te gee, naamlik 42 maande, of 1260 dae of drie en ‘n half jaar, of drie en ‘n half dae. Vanaf Openbaring 11 word hierdie uitdrukkings gebruik om die tyd hier op aarde te beskryf totdat die Here

terugkom. Al hierdie getalle sê een en dieselfde ding. Hulle almal werk uit op die helfte van die getal sewe, wat God se getal is. In Openbaring word God met die volmaakte getal sewe aangedui, terwyl die tyd van lyding hier op aarde met die getal drie en 'n half (of 42 maande, of 1260 dae) beskryf word. Dit sê dus vir ons die swaarkry hier op aarde vir die kerk gaan nie vir altyd aanhou nie. God self gaan 'n einde hieraan bring. Satan gaan nie vir altyd teen die Here se kerk oorlog maak nie. Een of ander tyd gaan hy ook in die vuurpoel beland. Vir altyd!

**c. Twee Sataniese handlangers kom die Satan te hulp**

Omdat Satan weet sy tyd is min, besluit hy volgens Openbaring 13 om die drie-enige God na te boots deur vir hom twee Sataniese helpers te kry. Liewers, hy het eintlik geen ander keuse nie. Want volgens Openbaring word Satan se naakte mag dramaties deur God ingeperk. Gedurende die tyd tussen die hemelvaart en wederkoms van Jesus word hy nie toegelaat om met sy volle krag los te trek teen die wêreld nie. In die woorde van Openbaring 20 word hy gedurende hierdie hele tydperk in die onderwêreld onder "huisarres" geplaas. Omdat Satan so graag 'n god wil wees, gee God daar aan hom 'n plastiese troon en kroon. Vandaar af moet hy dan van 'n dier uit die see (Op 13:1-10) en 'n dier uit die aarde (Op 13:11-18) gebruik maak om sy werk hier op aarde namens hom te doen.

Die dier uit die see is die nabootser van Christus. Want hy lei die sondige wêreld om die draak te aanbid, netsoos Christus ons lei om voor God te buig. Op sy beurt bring die dier uit die aarde, die nabootser van die Gees, die wêreld sover om die eerste dier te aanbid.

Die Satan of die draak verdwyn in die res van Openbaring tot en met sy loslating uit die onderwêreld kort voor die aanbreek van die eindoordeel. Behalwe vir een vinnige verwysing na hom in hoofstuk 16 word die draak heeltyd in die onderwêreld gehou. Omdat hy homself so belangrik ag dat hy die Vader probeer naboots deur as "koning" te regeer, verban God hom soontoe. Maar sy twee diere verrig al sy vernietigingswerk namens hom hier op aarde.

**d. Gebrandmerk met die 666 kenteken**

In Op 13:11 lees ons dat die dier uit die aarde 'n merk op mense se regterhand en voorkop plaas. Is dit dalk 'n verwysing na die komende mikro-rekenaarskyfies wat onder ons vel gaan ingeplant word, of hoe moet ons hierdie merk verstaan? Eenvoudig. Lees maar net die teks goed. Daar staan geskryf dat *alle mense op aarde* gemerk gaan word: klein en groot; ryk en arm; slaaf en vry. Met ander woorde, dit gaan nie net oor mense wat genoeg geld het om rekenaarskyfies te kan bekostig nie, maar oor almal, selfs oor die armste mense wat iewers in 'n hut in Afrika bly. Kinders word ook nie uitgesluit nie. Die Satan sorg dat 'n universele merk op al sy eiendom aangebring word sodat hy hulle te alle tye kan uitken.

Hierdie "brand-name" of handelsnaam van Satan verskyn op mense se regterhand en voorkop. Hoekom daar? Wel, gewoon omdat Johannes op simboliese wyse wil aantoon dat almal wat deur hul denke (dit is die merk op hul voorkop) en

deur hul dade (dit is die merk op hul regterhand) wys dat hulle in Satan se kamp is, sy merk dra.

Johannes weet dat hierdie merk simbolies van aard is. Dit is nie 'n letterlike merk nie. Want hy gaan leen dit by die Ou Testament. Gaan kyk maar net in Deuteronomium 6:6-8 hoe God vir Israel sê hulle moet sy wet as 'n merk op hulle voorkoppe en handpalms aanbring. Natuurlik bedoel God nie dat Israeliete elke dag die wet met 'n pen op hulleself moet ingraveer nie. Dit gaan daaroor dat hulle die wet moet oordink met hulle koppe en doen met hulle hande.

Satan se handelsmerk verskyn vandag wêreldwyd op miljoene mense. En die slegte nuus vir al hierdie mense is dat God se oordeel op hulle wag. In Op 14:9-10 lees ons dat God sy oordeelsbeker ingeskink het vir elkeen wat die dier se merk aanvaar. Vir hulle almal wag die hel. Maar gelukkig is daar Een wat in staat is om Satan se merk af te was. Sy Naam? Jesus! Met sy bloedrooi bloed kan hy slagoffers van die 666 kenteken splinternuut maak. Hy kan met sy uitveër al die krapmerke en kentekens van Satan in 'n oogwink verwyder en sy eie Naam op hulle ingraveer.

Wanneer ons die 666 merk bloot net tot 'n rekenaarskyfie of tot een enkele figuur in die geskiedenis probeer beperk, is ons besig om Satan se werk totaal te onderskat. Want rekenaarskyfies sal slegs die eiendom vir bevoorregte burgers van die eerste wêreld wees, en nie van arm mense van die derde wêreld nie. As die sogenaamde kenners van die antichris reg is dat hy deur middel van tegnologiese manipulasie die denke van mense gaan beheer, dan beteken dit gewoon dat Afrika en dele van Asië en Suid-Amerika die antichris gaan misloop. Dan is ons oplossing baie eenvoudig: staak alle verdere tegnologiese ontwikkeling in Afrika te vertraag. Want dan is ons mos veilig! Maar dit is naïief om so oor Satan se werking te dink. Hy is veel meer geslepe as om net maar 'n paar rekenaarskyfies in sy diens aan te wend. Nee, hy merk alle mense op aarde; almal wat weier om voor Jesus die knie te buig.

Die goeie nuus volgens Op 14:1-2 is dat Christus sy eie naam en sy Vader se naam op ons almal ingraveer wat aan Hom behoort. Ons dra dus Jesus se kentekens, sy handelsmerk. Daarom sal ons nooit die gewraakte 666 kenteken van Satan aanvaar of voor hom die knie buig nie. Ons is Jesus se eiendom; vir altyd. Ons name staan daar by Hom in die Boek van die Lewe opgeteken.

### e. Kan die Sataniese kenteken op spesifieke bekende figure in die geskiedenis wees?

In Openbaring 13 sê Johannes vir ons dat die getal 666 'n mens se getal is. En dat diegene wat wysheid het kan uitwerk wie dit is. Wat bedoel hy? Wel, Johannes is besig om vir sy lesers 'n leidraad te gee. In sy tyd was dit gebruiklik om bepaalde getalswaardes aan letters in die alfabet te heg. Die letter A was byvoorbeeld een; B was twee; ensovoorts. Op hierdie wyse kon mense dan uitwerk watter name bedoel word as mens 'n paar getalle in geheime skrif vir hulle stuur. Sou mens nou die naam "keiser Nero" in Hebreeus skryf; dan werk sy naam presies op 666 uit. En dis na alle waarskynlikheid na hom wat Johannes ook hier verwys. Nero was die eerste keiser wat die Christene vervolg het en wreed laat doodmaak het daar in die middel-

sestigerjare van die eerste eeu. Onder sy hand sterf die apostels Petrus en Paulus waarskynlik.

Vir die eerste lesers van die Openbaringboek was dit glashelder wie die eerste beliggaming van die antichris is: daardie wrede keiser Nero wat agter al wat Christen se bloed aan is. Maar terselfdertyd het hulle ook gelees dat die draers van die 666 kenteken nie maar net ‘n paar uitgesoekte persone is nie. Allermins. Dit is almal wat nie in Jesus glo nie. Nero en miljoene ander mense saam met hom deur die eeue heen dra hierdie merk.

Vandag nog sien ons hoe bepaalde openbare figure; vanaf politici tot vermaaklikheidskunstenaars, besondere spreekbuis van Satan se helpers is. Hulle vertoon en bemark die 666 kenteken deur hul goddelose gedrag. Netso word party rekenaars en ander tegnologiese hulpmiddels gebruik om Satan se saak te bevorder. Maar moenie jou laat flous nie. Satan merk nie net ‘n klompie bekende mense doer ver van jou af in Hollywood of in die wêreld se parlemente nie. Ook daardie persoon wat in sonde leef met wie jy elke dag te doen het by jou werk dra Satan se handelsmerk.

Wat is die oplossing wanneer jy met 666-gebrandmerktes te doene het? Eenvoudig. Gaan vertel vir hulle dat Jesus dit kan afwas. En gebruik ook al die tegnologiese hulpmiddels wat jy vandag tot jou beskikking het om God te verheerlik. Ons kan tog nie al die tegnologiese vooruitgang in ons dag net so in die duiwel se hande laat nie, of hoe? As Cliff Richard ‘n klompie jare gelede kon sê: “Why should the devil have all the good music?” dan moet ons vandag sê: “Why should the devil have all the good computer software?” Kom ons veg die geveg teen die Sataniese trio met Jesus se spesiale wapens (Efesiërs 6). Kom ons wen elke dag ‘n stukkie nuwe terrein vir ons Here terug op sy aarde.

## 4. Goeie nuus oor die antichris

Die Bybel vertel vir ons dat antichristelike magte regdeur die geskiedenis met groot krag sal optree in hierdie wêreld. In 2 Tessalonisense, een van die heel vroegste geskrifte in die Nuwe Testament, is dit nog ‘n bietjie moeilik om agter te kom wie of wat die antichris presies is. Maar gelukkig sê Johannes vir ons baie duidelik dat daar meer as een antichris is. Trouens, dit is almal wat weier om voor Jesus te buig. En in Openbaring sê hy vir ons dieselfde. Dit is almal, klein en groot, ryk en arm, wat toelaat dat die Sataniese trio hulle brandmerk.

Ons hoef maar net elke dag rondom ons te kyk om die antichris se spore van vernietiging raak te sien: mense wat mekaar soos diere doodmaak; haat; beskinder, en agter elke nuwe sonde op die mark aanhardloop. Die antichris is inderdaad besig om groot verwoesting te saai. Sy strategieë werk baie goed. Meer mense buig vandag voor hom die knie as ooit tevore in die geskiedenis. En hy gee die kerk ‘n baie harde tyd. So, wees gewaarsku: hy is ook op jou spoor. Daarom moet jy elke dag daar by die Lam op die Sionsberg gaan wegkruip. Onthou Christus het jou as sy eiendom gemerk. Leef net vir Hom!

Die beste nuus oor al die antichriste is dat hulle nie vir altyd sal aanhou met hul vernietigingswerk nie. Christus gaan hulle almal binnekort vir altyd onder die stof

loop. Hy beplaan ‘n groot oordeel vir almal wat met Hom spot en sy kinders links en regs seermaak, beledig en selfs doodmaak. Jesus is immers die Wenner. Hy’t klaar daar by Golgota gewen. En Hy gaan die geskiedenis weer wen en verander as Hy een van die dae terugkom om alles te kom nuutmaak.

# HOOFSTUK 6: DIE GROOT VERDRUKKING: GAAN ONS AGTERBLY, OF GAAN ONS WEG WEES AS DIT BEGIN?

Partykeer moet mens jouself knyp om te glo dat jy dieselfde Bybel lees as ander mense wat dinge sê en glo die wegraping en die wederkoms. Deesdae is daar soveel stemme op die Christelike mark oor hierdie sake dat mens gelowiges nie kan kwalik neem as hulle verward is nie. Hoog op die lys van sake wat verwarring veroorsaak, is die idee van 'n wegraping van alle ware gelowiges voor die tyd van verdrukking. Een van die groot eksponente van hierdie siening, Hal Lindsey, skryf sommer al populêre romans oor hoe gelowiges hierdie groot verdrukking gaan vryspring deurdat hulle blykbaar bokant New York (!) deur die Here weggeraap gaan word.

**1. Hoekom hierdie hoofstuk?**

Daar is tans soveel sienings, soveel verskillende standpunte oor die wegraping dat dit bykans onmoontlik is om agter te kom hoe mense presies daaroor dink. In 'n neutedop gesê, lyk dit egter of voorstanders hiervan beweer dat Christene deur die Here weggeraap gaan word voordat die groot tyd van swaarkry hier op die aarde aanbreek. Nou moet ek eers bely: Ek hou nie te veel daarvan om swaarde te kruis met daardie mense wat sterk oor die wegraping voel nie. Maar aan die ander kant is ek daarvan oortuig dat die Bybel vandag op 'n paar kardinale plekke misverstaan word deur voorstanders van dié siening. Daarom hierdie hoofstuk.

Die Bybel sê nooit dat gelowiges lekker knus in die hemel gaan sit na di ewegraping terwyl almal hier op aarde gaan ly nie. Die kerk het nog altyd verdrukking ervaar, en sal dit ook bly ervaar totdat Jesus eendag terugkom. Dink maar net aan al die derduisende, ja selfs miljoene Christene wie se bloed deur die loop van die geskiedenis vir hulle Heiland gevloei het. Het hulle dan nie die grootste van alle verdrukkings persoonlik aan hul eie lywe ervaar nie? Kan dit ooit erger gaan as dat gelowiges hulle eie lewe moet verloor omdat hulle vir Jesus liefhet? Dink maar aan 'n Jakobus; 'n Stefanus; 'n Petrus en 'n Paulus wat Jesus se lydingsbeker enduit moes drink omdat hulle Hom bely het as hul Heer. En dink aan die derduisende Christene wat gedurende die eerste drie eeue doodgemaak is. Een van die kerkvaders vertel trouens vir ons dat daar op 'n tydstip so baie Christene doodgemaak is dat daar nie vinnig genoeg grafte vir hulle gegrawe kon word nie. Daarom is hulle lyke eenvoudig in riviere gegooi. Is hierdie mense die groot verdrukking gespaar? Nee, hulle moes eenvoudig daardeur gaan- maar gelukkig saam met Jesus! Hulle almal was deel van die 42 maande swaarkry wat al sedert Jesus se hemelvaart hier op aarde aan die gang is.

**2. Yerbury se wegraping**

Ek neem die sieninge van een van die bekende eksponente van die wegraping, Ray Yerbury, "Vital signs of Christ's return" (1995) as vertrekpunt.

**a. Die kerk as die teëhouer tot en met die wegraping**

Volgens Yerbury moet ons die teëhouer van die goddelose mens in 2 Tessalonisense 2 as die kerk verstaan (sien hoofstuk 5). Volgens hom moet die kerk eers deur Jesus weggevat of weggeraap word, dan eers tref Satan se supermens die aarde. Hierdie bose figuur gaan volgens Yerbury persoonlik aan die hoof van die Europese Unie van tien nasies staan.

Alhoewel 2 Tessalonisense 2 moeilik is om te verstaan, lees ons nie daar dat die kerk eers van die toneel af verwyder moet word voordat Satan se bose kragman kan begin werk nie. Boonop gaan hierdie goddelose figuur ook nie 'n politieke leier wees nie, maar eerder 'n godsdienstige figuur wat "kerklike dwaalleringe" verkondig en wat mense met wonders mislei. So sê Paulus.

In 1 Tessalonisense veronderstel Paulus dat die kerk tot by die wederkoms hier op die aarde sal wees. Dan eers sal hulle saam met daardie Christene wat reeds gesterf het die Here in die lug tegemoet gaan. Helaas sien Yerbury hierdie ontmoeting met die Here in die lug as 'n verwysing na die wegraping. Maar gaan lees gerus die teks. Die hele 1 Tessalonisense 4 handel oor die wederkoms. Nêrens, nêrens praat Paulus daar van 'n wegraping nie.

**b. Vrygeskeld van verdrukking**

Yerbury sê dat Christene die groot verdrukking gespaar gaan word wat aanbreek as die sogenaamde "tyd van die heidene" aanbreek direk na Christene se wegraping. Hy vind byvoorbeeld in Openbaring 3:10 'n verwysing na die feit dat Christene nie verdruk gaan word nie. Maar hoor wat staan regtig in vers 10-11:

"Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom en die bewoners van dei aarde op die proef stel. Ek kom gou. Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon wegvat nie."

Mens hoef nie eers baie diep in die teks te delf om agter te kom Jesus praat hier met sy kerk wat juis in hierdie wêreld swaarkry nie. Hy sê glad nie vir hulle dat hulle dit gaan vryspring nie. Allermins. Jesus sê egter wel vir gelowiges dat hulle deurentyd op sy beskerming kan reken.

In Titus 2:13-14 vind Yerbury nog 'n eksplisiete bewys dat Christene nie verdruk gaan word nie. Daar vertel Paulus hoedat Christene uitsien na die gelukkige dag waarop Christus na ons toe kom. Maar Titus 2 gaan regtig nie oor die wegraping nie. Die wederkoms, die Here se koms aarde toe, is hier ter sprake. En hierdie soort uitdrukking dui volgens die Nuwe Testament altyd op die wederkoms.

Yerbury haal ook heelwat tekste aan om te bewys dat Christene nie God se wraak gaan meemaak wat in die tyd van verdrukking uitgedeel word nie. Tekste wat hy aanhaal, soos 1 Tess 5:9; Rom 5:9 en 2 Pet 2:9 verwys egter almal na die resultaat van Christus se sterwe vir ons sonde, en het op dees aarde niks te make met die wegraping nie. In al hierdie tekste word gesê gelowiges is vry. Ons het niks

meer vir God se oordeel te vrees nie omdat Jesus die straf vir ons sonde volledig op sy eie skouers geneem het.

**c. 'n Nabye wegraping, of 'n nabye wederkoms?**

Yerbury hanteer tekste wat verwys dat die wederkoms voor die deur is, soos Joh 14:3; Jak 5:8; 1 Joh 2:28 en 3:3, asof hulle eintlik na die wegraping verwys. Selfs 'n teks soos Matt 24:40-44, waar Jesus sê dat met die wederkoms van die Seun van die mens een persoon aangeneem sal word en 'n ander een agtergelaat word, word deur hom op die wegraping betrek. God se Woord sê heeltyd die wederkoms is naby. Maar dit swyg soos die graf oor 'n wegraping. Tog pas vele Bybeluitleggers vandag hierdie wederkoms-tekste heel gerieflik aan by hul wegraping-sieninge. Sjoe!

**d. 'n Nuwe bekering van 144 000 Jode tydens die tyd van swaarkry**

Volgens Yerbury sal die tydperk van swaarkry op aarde gekenmerk word deur 'n bekering van 144 000 Jode wêreldwyd. Dit sal aanhou vir die volle sewe jaar wat die tydperk van verdrukking duur. Hierdie inligting vind hy in Openbaring 7. Maar ons het mos al vir mekaar gesê dat 144 000 'n simboliese getal is. Gaan kyk maar net hoe Johannes in Op 7:9 sê hoedat hierdie 144 000 gelowiges voor God se troon inderwaarheid 'n ontelbaar groot klomp mense is.

**e. Die duisendjarige vrederyk**

Aan die einde van die tydperk van verdrukking kom Christus terug om vir 'n millenium of 'n duisend jaar te regeer. Dan sal daar volgens Yerbury volkome harmonie en vrede op aarde heers. Dan sal Israel weer soos die tuin van Eden lyk; reën sal op die bestemde tyd val (Eseg 34:26-29; Joël 2:23); mense en diere sal in harmonie leef (Jes 65:18-25); boosheid sal wyk (Miga 4:3; Hebr 1:8); en so aan. Trouens, Yerbury stapel teks op teks uit die Ou Testament waar die profete vooruit kyk na die nuwe era waar God sy Gees oor sy volk gaan uitgiet en sy mense weer bymekaar maak. Maar helaas het hierdie Bybeltekste niks met 'n fisiese duisendjarige vrederyk te make nie.

Volgens Yerbury sal die duisendjarige vrederyk gevolg word deur 'n kort tydperk waar die Satan losgelaat word. Dan gaan die duiwel die wêreld verlei om in sonde te verval. Hierna volg die tweede koms van Christus waar die Satan vir altyd vernietig word. Maar hoe op dees aarde is dit moontlik dat die Satan die wêreld tot sonde kan verlei nadat hulle volgens Yerbury letterlik 'n duisend jaar van vrede saam met God beleef het. As alles waar is wat hy oor die duisendjarige ryk sê dan sal niemand op aarde ooit mos na die Satan luister nie. Vir wat sal mens nou jou lewe aan die duiwel gaan staan en gee as jy vir duisend jaar lank net geluk, voorspoed, reën, arms vol kos, veiligheid en geluk geniet het. Al antwoord wat Yerbury op hierdie vraag het is om te sê: "there is still latent in the human heart an innate evil which is ready to revolt against earth's rightful King, a King who has been amongst his people for 1,000 years" (p. 127). Dis egter nie goed genoeg nie.

Want dan was daar mos nie regtig ‘n duisendjarige vrederyk nie. Dan het mense mos nie regtig gedurende daardie tyd vir God geleef nie.

## 3. Openbaring en die duisendjarige vrederyk

In hoofstuk 2 het ons al vir mekaar gesê ons moet die Bybel reg lees. Want God praat nie in enkel verse of in los sinnetjie met ons in sy Woord nie, maar in hoofstukk en ook in boeke. Nêrens is hierdie beginsel op die vroorgrond as wanneer ons die boek Openbaring lees nie. Want Openbaring is nie een of ander misterieuse verhaal oor drake en gedoentes wat vandag in die wêreld los is en wat slegs deur ‘n klompie ingewyde eindtyd kenners verklaar kan word nie. Nee, Openbaring is ‘n boek oor Christus se oorwinning oor die Bose magte en oor sy regering tot op die heel laaste dag.

### a. Openbaring 5; 12 en 20: drie kyke op Christus se hemelse heerskappy

Johannes sien drie openbarings in die boek Openbaring oor hoe Christus oor alles en almal heerskappy voer. In hoofstuk 5 sien hy hoe Jesus net na sy hemelvaart die heerskappy oor die ganse heelal en oor die wêreldgeskiedenis oorneem. In hoofstuk 12 sien Johannes weer hoe die Satan op daardie einste oomblikke probeer om Jesus in die hemel te gaan aanvat, maar hoedat hy hardhandig daar deur die engele verwyder word. En nou, in hoofstuk 20 hoor ons dat Christus vir ‘n duisend jaar lank in die hemel regeer.

Hierdie duisend jaar is ‘n simboliese getal. Netsoos al die ander getalle in Openbaring moet mens dit nie letterlik opvat nie. Dit dui aan dat Christus vir die vasgestelde tyd soos deur Homself bepaal daar aan die stuur van alles bly. Hierdie tyd hou aan vanaf sy hemelvaart tot en met sy wederkoms.

### b. Wat gebeur alles gedurende die duisend jaar van Christus se heerskappy?

i. Volgens Op 20:1-3 word die *Satan* gedurende die tydperk van Jesus se hemelse heerskappy gebind en in die onderaardse diepte toegesluit. Soos wat ons vroeër al vir mekaar gesê het, dui dit daarop dat hy gedurende die tydperk van Jesus se triomf in die hemel nie toegelaat word om hier op aarde te doen wat hy wil nie. Satan se mag is aan bande gelê. Eers heel aan die einde van die tyd, direk voor die wederkoms, sal hy losgelaat word sodat God hom kan vernietig. Na sy loslating gaan die Bose egter eers vir ‘n bietjie moeilikheid sorg as hy al die nasies van die wêreld bymekaar kry om teen God oorlog te maak. Maar hy sal nie slaag nie. Satan word losgelaat uit sy onderaardse koninkryk net om kort daarna in die hemelse asblik, die hel, gegooi te word.

ii. Al die gelowiges wat dood is nadat hulle die aardse verdrukking enduit deurstaan het, sluit na hulle dood by Christus in die hemel aan om vir die volle tyd tot die wederkoms saam met Hom te regeer (vers 4-5). Al hierdie mense het geweier om

op aarde die dier se 666-kenteken te aanvaar. Daarom regeer hulle nou as priesters saam met Christus. Hulle sal ook nooit in die tweede dood, die hel, beland nie.

**c. Duisend jaar en 42 maande: een en dieselfde tydperk**

Vroeër het ons al vir mekaar gesê dat die 42 maande wat vanaf Openbaring 11 voorkom, die ganse tydperk van swaarkry vir Christus se kerk hier op aarde voorstel tot en met die wederkoms. Vanuit 'n ander perspektief beskryf Openbaring hierdie tydperk as 'n duisend jaar. En as mens Openbaring reg lees, van begin tot end, dan maak hierdie verklaring gou-gou sin. Want Johannes varieër heeltyd sy gesigspunt tussen die tydperk van menslike swaarkry op aarde (42 maande), en die tydperk van triomf in die hemel (1000 jaar). In die woorde van hoofstuk 11 is die kerk hier op aarde soos die twee getuies wie se bloed en liggame gedurende die drie en 'n half dae tot by die wederkoms in die strate lê. Maar aan die ander kant sluit elke gelowige wat sterf aan by die triomferende kerk in die hemel daar waar Christus op sy troon sit. Dus, aan hierdie kant van die graf: swaarkry en lyding vir die kerk, en aan die ander kant van die graf: oorwinning en blydskap.

**4. Die kerk word nooit swaarkry uitgespaar nie**

Die Nuwe Testament wemel van tekste wat sê Christene gaan altyd swaarkry hier op aarde. Daar's heeltemal te veel voorbeelde om hier op te noem. Nêrens word Christene 'n versekeringspolis uitgereik dat ons lyding gaan systap nie. In Lukas 14 het Jesus mos al gesê dat ons ons kruis moet dra as ons agter Hom aankom. En kruisdra is niks minder nie as om jou eie doodsvonnis te teken.

Paulus skryf oor en oor in sy briewe dat lyding deel van ons almal se erfporsie is. Kyk maar net na Romeine 8 waar hy verduidelik hoe ons saam met die skepping ook sug en ly. Maar gelukkig is die hoop van die Gees in ons harte uitgestort sodat ons nie moedeloos word nie. Bykans die hele tweede brief aan die Korintiërs word afgestaan aan 'n verduideliking van die lyding wat Paulus self ervaar en hoedanig die ganse Christelike bestaan 'n navolging van Jesus se aardse lyding is. Om nie eens te praat van 1 Petrus waar Christene telkens opgeroep word om lyding met waardigheid te dra nie. Dus: ons gaan nie in watte toegedraai word omdat ons in die Here glo nie. Nee, slegs dié wat enduit volhard sal gered word. Daar is geen kortpaadjies nie.

## HOOFSTUK 7: BY DIE WENPAAL!

Die Bybel eindig met goeie nuus. God wen! Hy gaan op ‘n dag al die Sataniese magte vernietig en ‘n splinternuwe wêreld tot stand bring. Daaroor hoef mens nie te twyfel nie. Party mense gaan egter al dood wees op die dag as die Here terugkom, terwyl ander nog gaan lewe. So sê die Bybel. Kom ons kyk in hierdie laaste hoofstuk kortliks na ‘n paar grepe uit die Bybelse verhaal oor die laaste dag hier op moederaarde soos wat ons dit ken.

### 1. Gou-gou op besoek aan die Here se mense

“Wat word van mense wat reeds dood is?” Dit is ‘n tergende vraag vir baie mense. Maar die Bybel het glashelder antwoorde hierop. Volgens Paulus is mense na hulle dood by hul ewige bestemming, en nie in een of ander sieleslaap nie. Hy sê vir die gemeente in Filippi in hoofstuk een van sy brief dat mens dadelik by Christus is as jy sterf. En in 2 Korintiërs 5 vertel hy dat as ons ons aardse tentwoning verlaat, dan kry ons daar en dan ‘n hemelse gebou. Kort voor sy eie dood sê Paulus ook vir Timoteus in 2 Tim 4:7-8 dat die dood die wenpaal is. Christus staan daar vir Paulus, en vir ons almal wat glo, en wag.

Die dood se angel is uitgetrek. 1 Korintiërs 15 sê so. Christus hou nou die sleutels van die dood en die doderyk soos wat Openbaring 1 sê. Nie die duiwel of enige ander bose magte nie. Daarom was die gemeente in Tessalonika verniet benoud oor wat met gelowiges gebeur wat reeds gesterf het voor die wederkoms. Paulus sê in 1 Tessalonisense 4 vir hulle dat daardie gelowiges ook sal opstaan op die heel laaste dag en saam met die gelowiges wat nog lewe die Here in die lug tegemoet gaan.

Helaas verdwyn ongelowiges nie in die niet na hul dood nie. Die Bybel sê hulle is in die doderyk. In Lukas 16 verneem ons in die gelykenis van die ryk man en Lasarus dat hierdie ryk man na sy dood in die onderwêreld is. Dus, mens hoef nie eens te wag tot op die dag van die wederkoms voordat jou ewige lot beseël word nie. Daar bestaan ook nie die geringste moontlikheid dat jou lot op die laaste dag in ‘n elfde-uurse besluit verander kan word as jy na jou dood by die Here of in die onderwêreld is nie. Nee, mens het net een kans. En dis aan hierdie kant van die graf. Hier verseël jy jou lot.

### 2. Die dag wat brand

Malegai skryf in hoofstuk 4 van sy boek dat die dag van die Here oppad is. Maar dit gaan soos ‘n oond wees wat op daardie dag aan die brand is. Vir almal wat teen Hom in opstand is, gaan dit skrikwekkend wees. Hulle sal voor God se aangesig weggevee word. Maar die laaste dag is gelukkig nie net ‘n dag van verskrikking nie. Dit is ook ‘n dag om na uit te sien. Vir gelowiges is dit die groot dag van verlossing. Dan word alles nuut.

Openbaring 20:11-15 gee aan ons ‘n verrassende kyk op God se oordeel op die laaste dag. Hoor net wat gebeur alles:

i. Alle mense verskyn voor God se troon. Niemand sal op die laaste dag afwesig wees nie. Die doderyk en die see sal almal teruggee wat in hulle is.

ii. Almal word geoordeel oor dit wat oor hulle gedoen het. Mense se werke geld hier as die norm waarvolgens hulle geoordeel word. Volgens Johannes word al hulle dade in die hemelse boeke neergeskryf

iii. Maar daar's 'n ander kant ook: party mense word nie geoordeel volgens wat daar in hierdie boeke geskryf staan nie. Want hulle dade word nie meer genotuleer nie. Hulle name staan in 'n ander boek, die boek van die lewe. Dus: God oordeel op die laaste dag op een van twee maniere. Hy gaan of kyk na mense se dade, of na hul name. As jou dade in daardie boeke geskryf staan, wag daar groot moeilikheid vir jou. Dan is die ewige verdoemenis jou voorland. Aan die ander kant, as jou naam in die boek van die lewe staan, is die nuwe Jerusalem jou voorland.

God hou nie meer boek van gelowiges se dade nie. Al ons sondes is immers aan die kruis vasgespyker. Daar het Jesus se bloed vir al ons sondes betaal. Daar is die skuldbewys teen ons vir altyd vereffen.

**3. 'n Vinnige toer deur ons laaste adres**

"Hoe lyk die hemel?" Wel, Openbaring bied so 'n klein glimpsie van ons heel laaste adres: die nuwe Jerusalem. Nie te baie nie, maar dit wat ons van ons nuwe hoofstad sien, is genoeg om ons opgewonde t emaak. In Openbaring 21 hoor ons ten minste dat ons eindadres 'n plek van is van "*nie meer nie*."

In die hemel gaan daar nie meer begrafplase wees nie. Ook nie intensiewe eenhede of dokters met spreekkamers vol siekes nie. En die sekuriteitsdienste gaan ook sonder werk wees. Om nie eens te praat van al die tronke wat gaan leeg staan nie. Geen bedelaars sal ook meer met verlangende gesigte na jou paar sente in jou beursie staar nie. Want al die lyding wat ons wêreld tans kenmerk, sal daar iets van die verlede wees.

In die hemel sal God sy sakdoek uithaal en al sy kinders se trane vir altyd afdroog. Daar sal niemand meer bang of bevrees in die aand gaan slaap nie. Kinders sal sorgeloos in die strate rondspeel. Die nuwe Jerusalem, daar waar God die heeltyd by ons gaan bly, gaan een honderd persent veilig wees. Want Satan en sy trawante gaan nie daar wees om iemand te pla nie.

God self gaan in die hoofstraat van die nuwe Jerusalem bly. Ons sal Hom daar met ons eie oë sien. Daar van Hom af sal lewende water na ons almal toe vloei. God sal die son doodblaas. Dit sal nie meer nodig wees nie. Want God self sal die lig vir ons almal wees. En daar sal oorgenoeg kos vir almal wees. Niemand sal hoef tou te staan vir lewensmiddele of vir ander dienste nie. Almal sal genoeg hê; oorgenoeg hê.

Gelowiges sal dag vir dag voor die aangesig van die lewende God leef en Hom loof en eer. Die nuwe wêreld sal 'n reuse simfonie tot sy eer wees. Wat 'n vooruitsig!

**4. Bid die dag nader**

"Laat U koninkryk kom!" So leer Jesus ons in die "Ons Vader" bid. In Lukas 18 vertel Jesus die gelykenis van die onregverdige regter wat weier om na die arm weduwee se pleitroepe te luister, maar wat na 'n ruk tog besluit om haar te help. Jesus pas hierdie verhaaltjie toe op die wederkoms en moedig ons aan om dag en nag by God te pleit om terug te kom na ons toe. Want Hy sal hoor. As die onregverdige regter na 'n onbelangrike vroutjie se hulpgeroep luister, sal God nog baie meer ag gee op sy kerk wat dag en nag na Hom roep dat Hy na ons toe moet terugkeer.

Die Openbaringboek sluit af met 'n uitnodiging van die kant van die Gees en die kerk aan Jesus: "Kom!" Dit volg net nadat Jesus aangekondig het dat Hy gou kom. Hy sluit ook met hierdie versekering af as Hy sê: "Ja, Ek kom gou!" Jesus is oppad terug. Dit belowe Hy swart op wit. Maar Hy sê vir ons oor en oor in die Bybel om Hom uit te nooi. Ons mag nie so tuis raak hier op aarde dat ons nie meer die moeite doen om Jesus uit te nooi nie. Elke dag moet ons vir Jesus vra om die tyd te verkort sodat ons na Hom toe kan gaan en saam met Hom by sy feesmaal kan gaan aansit.

"Maranata! Kom Here! Ja, kom gou!"